

PENSIOENBELANG EN DIE EIS VAN DIE NIE-LIDGADE NA EGSKEIDING

Ingedien ter gedeeltelike voldoening van die vereistes vir die graad LLM: Familiereg
deur Marike Pienaar, studentenommer: 25164432

Vorberei onder die leiding van Professor A.S Louw by die Universiteit van Pretoria

23 Oktober 2017

VERKLARING

Ek verklaar dat die skripsie wat hierby vir die graad LLM FAMILIEREG aan die Universiteit van Pretoria deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie. Waar sekondêre materiaal in hierdie skripsie gebruik is, is dit behoorlik erken in ooreenstemming met die Universiteit van Pretoria se vereistes. Ek is bewus van die beleid en implikasies ten aansien van plagiaat.

M Pienaar

23 Oktober 2017

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1:

INLEIDING

1.1	Probleemstelling.....	1
1.2	Doelstellings van navorsing.....	2
1.3	Metodologie.....	2
1.4	Beperkings en uitsluitings.....	3
1.5	Terminologie.....	3
1.6	Struktuur.....	5

HOOFSTUK 2:

ALGEMENE OORSIG OOR DIE VERMOËNSREGTELIKE GEVOLGE BY EGSKEIDING

2.1	Inleiding.....	7
2.2	Vermoënsregtelike gevolge by egskeiding.....	8
2.2.1	Inleiding.....	8
2.2.2	Die huwelik binne gemeenskap van goed.....	8
2.2.3	Verdeling van bates ooreenkomstig huwelikskontrak.....	9
2.2.3.1	<i>Die huwelik buite gemeenskap van goed met wins en verlies.....</i>	9
2.2.3.2	<i>Die huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en met uitsluiting van die aanwasbedeling.....</i>	10
2.2.3.3	<i>Die huwelik buite gemeenskap van goed met toepassing van die aanwasbedeling.....</i>	10
2.3	Faktore of bevele wat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik by egskeiding kan beïnvloed.....	11
2.3.1	Inleiding.....	11
2.3.2	Pensioendeling.....	11
2.3.3	Verbeurdverklaring van voordele.....	12

2.3.4	Herverdelingsbevele.....	13
2.3.5	Universele vennootskappe.....	15
2.4	Gevolgtrekking.....	17

HOOFSTUK 3:

REGULERING VAN PENSIOENBELANGE BY EGSKEIDING

3.1	Inleiding.....	18
3.2	Posisie voor die wysiging tot die Wet op Egskeiding 70 van 1979.....	18
3.3	Posisie na die wysiging tot die Wet op Egskeiding 70 van 1979.....	22
3.3.1	Artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979.....	22
3.3.2	Artikel 7(8) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979.....	23
3.3.3	Artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.....	25
3.4	Ander statutêre wysigings voortspruitend uit artikels 7(7) en 7(8) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979.....	28
3.5	Gevolgtrekking.....	29

HOOFSTUK 4:

VERDELING VAN PENSIOENBELANGE BY EGSKEIDING

4.1	Inleiding.....	30
4.2	Verdeling van pensioenbelange onder aanwysing in egskeidingsbevel.....	30
4.3	Verdeling van pensioenbelange sonder aanwysing in egskeidingsbevel.....	32
4.3.1	Ontkenning van eis na datum van egskeiding.....	33
4.3.2	Erkenning van eis na datum van egskeiding.....	37
4.3.3	Voorbehoud op erkenning van eis na datum van egskeiding.....	38
4.4	Hoogste Hof van Appèl: <i>GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)</i>.....	40
4.4.1	Meerderheidsuitspraak.....	42
4.4.2	Minderheidsuitspraak.....	44
4.5	Gevolgtrekking.....	47

HOOFSTUK 5:

IMPAK VAN DIE UITSPRAAK IN GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)

5.1	Inleiding.....	48
5.2	Regsaspekte uitgeklaar.....	48
5.2.1	Aard en omvang van die pensioenbelang by egskeiding.....	48
5.2.2	Bewysregtelike aspekte.....	52
5.3	Onbevredigende aspekte	53
5.3.1	Toewysing van die pensioenbelang na verdeling van die boedel(s) van geskeide gades	53
5.3.2	Eis ingevolge artikel 7(8) van die Wet.....	58
5.4	Gevolgtrekking.....	62

HOOFSTUK 6:

	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	63
--	---	-----------

HOOFSTUK 1:

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

'n Vrou se aanspraak op die pensioenbelang van haar man by egskedding is vir die eerste keer in 1984 deur die Suid-Afrikaanse Regskommissie (soos dit op daardie stadium bekend gestaan het¹) ondersoek.² Die aanspraak van die nie-lidgade op die pensioenbelang van die lidgade is oor die jare aansienlik uitgebrei. Waar die nie-lidgade aanvanklik hoegenaamd geen aanspraak gehad het op enige gedeelte van die lidgade se pensioenbelang tydens egskedding nie, word so 'n gade se aanspraak vandag statutêr erken en kan onmiddelik by egskedding afdwing word.³

Die formele erkenning van die nie-lidgade se pensioenaanspraak het egter verdere uitdagings meegebring. Sedert die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) in die Wet op Egskedding⁴ (hierna verwys as die Egskeddingwet of bloot die Wet) is probleme rondom die presiese aard, omvang en afdwinging van die pensioenaanspraak van die nie-lidgade in verskeie hofsake en akademiese artikels aangespreek. Dit het van vroeg af al geblyk dat die statutêre bepalings wat pensioendeling by egskedding reguleer, vatbaar is vir meerdere interpretasies en toepassings.

¹ Die naam van die Regskommissie is ingevolge art 8 van die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 55 van 2002 vervang met "die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie". Die Wysigingswet het die titel van die Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie 19 van 1973 amptelik gewysig met die inwerkingtrekking van die Wysigingswet op 17 Januarie 2002.

² In hierdie verband kom die Suid-Afrikaanse Regskommissie "Ondersoek na die moontlikheid om voorsiening te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel" Projek 41, Werksdokument 4 (1984) (hierna genoem die "SARK 1984-werksdokument") para 1.6 tot die volgende gevolgtrekking: "Dit is dan ook nie minder as billik dat die belange wat gedurende die bestaan van die gesinseenheid opgebou word tot voordeel van die gesinseenheid aangewend moet word nie. Solank die eenheid standhou, verskaf dit geen probleem dat die pensioenbelange wat so opgebou is aan die persoon van die man gekoppel is nie. Wanneer die huwelik egter verbrokkel, is dit onbillik dat die man die alleenreg op die pensioenbelange wat so opgebou is, behou of dat 'n tweede of derde vrou uiteindelik voordele in hul totaliteit verkry bloot op grond van haar status as eggenote van die lid ten tyde van die beskikbaarwording van die voordeel. Billikheid en regverdigheid vereis dat die een of ander gedeelte van hierdie belange by egskedding aan die vrou moet toekom." Uit die titel van die ondersoek is dit duidelik dat die SARK op daardie stadium aangeneem het dat dit die vrou is wat pensioenvoordele van haar man sou eis en nie andersom nie. Die oogmerk om geslagsgelykheid te bewerkstellig deur vrouens se regte te bevorder en te beskerm blyk dus duidelik uit hierdie eerste ondersoek meer as 'n dekade voor die huidige grondwetlike bestel en die regte vervat in art 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

³ Die ontwikkeling van die reg in hierdie verband word volledig in hfst 3 uiteengesit.

⁴ 70 van 1979.

Die probleme voortspruitend uit die statutêre regulering van pensioendeling by egskeiding het meerdere fasette wat in die volgende hoofstukke volledig toegelig sal word. Met die Hoogste Hof van Appèl uitspraak in *GN v JN*⁵ is die uitdagings waarmee gades wat skei en praktisyns gekonfronteer word, tot 'n groot mate aangespreek. Ondanks die welkome sekerheid deur die Hoogste Hof van Appèl teweeggebring, is die regsposisie in sommige opsigte steeds problematies. Die regsposisie van die nie-lidgade se aanspraak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang is dus, soos uiteindelik aangetoon sal word, steeds nie volkome uitgekristaliseer nie.

1.2 Doelstellings van navorsing

Die belangrikste beweegrede van die Wetgewer vir die erkenning van die nie-lidgade se pensioenaanspraak by egskeiding was om geslagsgelykheid te bewerkstellig.⁶ Daar sal in hierdie skripsie geargumenteer word dat die oogmerk van die Wetgewer slegs gedeeltelik bereik is en dat die nie-lidgade (wat dikwels maar nie altyd die vrou is) steeds na die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet in 'n onbenydenswaardige- en ongelyke posisie teenoor die lidgade is.

1.3 Metodologie

Hierdie skripsie handel met die uiteindelijke vraag of die Wetgewer geslagsgelykheid bevorder het deur die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet. Ten einde hierdie bepalings in konteks te plaas word daar eerstens gereflekteer op die historiese agtergrond wat aanleiding gegee het tot die invoeging van voormelde bepalings in die Wet. Tweedens word daar in hierdie skripsie 'n kritiese benadering gevolg ten aansien van die spesifieke bepalings van wetgewing en regspraak wat betrekking het op die nie-lidgade se eis teenoor die lidgade se pensioenbelang by egskeiding.

⁵ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA).

⁶ Sien die Suid-Afrikaanse Regskommissie "Verslag oor die ondersoek na die moontlikheid om voorsiening te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel." Projek 41 Verslag (1986) (Hierna genoem "SARK 1986-verslag") para 6.3 en die bespreking in 3.2 hieronder.

1.4 Beperkings en uitsluitings

Hierdie skripsie handel met die vermoënsregtelike gevolge by egskeiding en ondersoek dus geensins die gevolge by die beëindiging van 'n informele lewensvennootskap (wat Moslem en Hindoe huwelike gesluit ooreenkomstig 'n sisteem van godsdienstige reg insluit) nie. Die skripsie fokus uitsluitlik op die vermoënsregtelike gevolge by egskeiding en handel nie met gevolge wat verband hou met die status of die onderhoudsverpligting tussen die gades by egskeiding nie. Die gevolge wat intree by die dood van 'n gade word ook nie aangespreek nie. Die skripsie handel verder ook nie met al die vermoënsregtelike gevolge nie, maar is slegs begaan met een aspek wat by egskeiding ter sprake kom, naamlik die verdeling van pensioenbelange.

1.5 Terminologie

Ten einde verwarring te voorkom, is dit belangrik om uit die staanspoor die gebruik van sekere terme te verklaar. In die eerste plek, waar daar verwys word na "huwelik" in hierdie skripsie sal dit verwys na 'n huwelik wat tot stand gekom het ingevolge die Huwelikswet⁷ en sluit dit ook 'n burgerlike verbintenis (of "civil union") in soos bepaal in artikel 13(2) van die "Civil Union Act".⁸ Pensioendeling in die geval van die ontbinding van 'n gebruikelike huwelik gesluit ingevolge die Wet op Erkenning van Gebruikelike Huwelike⁹ word nie spesifiek oorweeg nie aangesien so 'n geval nog nie vir beslissing voor die hof geding het nie. Daar is egter geen rede waarom dieselfde beginsels wat hier bespreek word nie ook op gebruikelike huwelike van toepassing kan wees nie.

⁷ 25 van 1961.

⁸ 17 van 2006. Volgens art 13(1) van die "Civil Union Act" 17 van 2006 is al die regsgevolge van 'n huwelik gesluit in terme van die Huwelikswet 25 van 1961 van toepassing op 'n burgerlike verbintenis en in terme van art 13(2) van hierdie Wet sluit enige verwysing na 'n huwelik in enige reg, insluitend die gemenerereg, 'n burgerlike verbinding in en 'n man, vrou of gade sluit 'n burgerlike verbindingsvennoot (of "civil union partner") in.

⁹ 120 van 1998.

Soos reeds hierbo aangedui, word enige verwysing na die Wet op Egskeiding¹⁰ afgekort na “die Egskeidingswet” of bloot “die Wet” om onnodige herhaling te voorkom.

Hierdie skripsie handel met pensioenbelange by egskeiding. Die betekenis van “pensioenbelange” is dus van kardinale belang. Waar daar verwys word na die term “pensioenbelang” sal dit verwys na ‘n pensioenbelang soos gedefinieer in artikel 1 van die Egskeidingswet wat as volg daar uitsien:

- “pensioenbelang, met betrekking tot ‘n party in ‘n egskeidingsgeding wat –
- (a) ‘n lid is van ‘n pensioenfonds (uitgesonderd ‘n uittreeannuïteitsfonds), die voordele waarop daardie party as so ‘n lid ingevolge die statute van daardie fonds geregtig sou gewees het as sy lidmaatskap van die fonds op die datum van die egskeiding beëindig sou geword het weens sy bedanking uit sy betrekking;
 - (b) ‘n lid van ‘n uittreeannuïteitsfonds wat *bona fide* ingestel is met die oogmerk om lyfrentes vir die lede van die fonds beskikbaar te stel, en wat ‘n pensioenfonds is, die totale bedrag van daardie party se bydraes tot die fonds tot op die datum van die egskeiding, tesame met ‘n totale bedrag van jaarlike enkevoudige rente op dië bydraes tot op dië datum, bereken teen dieselfde koers as die koers wat op daardie datum deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1(2) van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers 1975 (Wet No 55 van 1975), vir die doeleindes van daardie Wet voorgeskryf is.”

Die term “lidgade” sal verwys na ‘n lid van ‘n pensioenfonds soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse,¹¹ te wete:

- “lid met betrekking tot –
- (a) ‘n in paragraaf (a) of (c) van die omskrywing van ‘pensioenfondsorganisasie’¹² bedoelde fonds, ‘n lid of vorige lid van die vereniging waardeur daardie fonds ingestel is;
 - (b) ‘n in paragraaf (b) van daardie omskrywing bedoelde fonds,¹³ ‘n persoon wat tot ‘n klas persone behoort of behoort het vir wie se voordeel die fonds ingestel is

¹⁰ 70 van 1979.

¹¹ 24 van 1956.

¹² Para (a) en (c) van die omskrywing van “pensioenfondsorganisasie” lees as volg: “(a) ‘n vereniging van persone wat opgerig is om jaargelde of eenbedragbetalings te verskaf aan lede of gewese lede van daardie vereniging wanneer hulle hul aftreedatums bereik, of aan afhanklikes van sodanige lede of gewese lede by die dood van daardie lede of gewese lede” of “(c) ‘n vereniging persone of besigheid wat gedryf word kragtens ‘n skema of reëling ingestel met die oogmerk om voordele, ingevolge die diens van ‘n lid en betaalbaar by die dood van meer as een lid van een of meer pensioenfondse, ten behoeve van begunstigdes te ontvang, te administreer, te belê en te betaal”.

maar nie ook so 'n lid of vorige lid of persoon wat alle uit die fonds aan hom daardie persoon verskuldigde voordele ontvang het en wie se lidmaatskap daarna ooreenkomstig die statute van daardie fonds beeindig is nie.”

Waar daar in hierdie skripsie verwys word na die term “nie-lidgade” sal dit verwys na die definisie van die term “nie-lid eggenoot” soos vervat as volg in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse:¹⁴

“nie-lid eggenoot, met betrekking tot 'n lid van 'n fonds, 'n persoon wat nie meer die huweliksmaat is van sodanige lid nie weens die ontbinding of bevestiging van die ontbinding van die verhouding deur 'n hofbevel en aan wie die hof wat die ontbinding van die verhouding beveel of bevestig, 'n aandeel van die lid se pensioenbelang in die fonds toegestaan het”.

1.6 Struktuur

Hierdie skripsie bestaan uit 6 hoofstukke. Die hoofdoel van die eerste hoofstuk is om 'n oorsig te gee oor die onderwerp wat ondersoek gaan word asook om die doel van die skripsie uiteen te sit. Die hoofstuk gee ook 'n aanduiding van die metodologie wat in die skripsie gebruik gaan word, sekere aspekte wat nie binne die bestek van die skripsie sal val nie en gee 'n uiteensetting van die betekenis van sekere sleutelkonsepte wat deurgaans in die skripsie gebruik gaan word.

Hoofstuk 2 handel met die algemene beginsels waarvolgens die vermoënsregtelike gevolge by egskedding bepaal word. In hierdie verband word daar in die algemeen verwys na die faktore en hofbevele wat die algemene verdeling van bates by egskedding kan beïnvloed, insluitend die inagneming van pensioenbelange.

Hoofstuk 3 fokus spesifiek op die ontwikkeling van die reg van 'n nie-lidgade om in die pensioenbelang van 'n lidgade by egskedding te deel. Na 'n historiese oorsig oor die redes vir die formele erkenning van die insluiting van pensioenbelange vir doeleindes van die verdeling van die bates by egskedding, word die posisie na die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet uiteengesit.

¹³ Par (b) van die omskrywing lees as volg: “enige besigheid wat gedryf word ingevolge 'n skema of reëling ingestel met die oogmerk om jaargelde of eenbedragbetalings te verskaf aan persone wat behoort of behoort het tot die klas persone vir wie se voordeel daardie skema of reëling ingestel is, wanneer hulle hul aftreedatums bereik, of aan afhanklikes van sodanige persone by die dood van daardie persone”.

¹⁴ 24 van 1956.

Hoofstuk 4 gee 'n uiteensetting van die howe se hantering van die eise van nie-lidgades in twee verskillende omstandighede – waar die egskeidingsbevel 'n uitdruklike toewysing maak en die meer probolematiese geval waar geen sodanige toewysing gemaak is nie. Die hoofstuk bespreek die relevante en soms teenstrydige uitsprake van die howe in hierdie verband en sluit af met die toonaangewende uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl in *GN v JN*.¹⁵

Hoofstuk 5 word gewy aan 'n kritiese analise van die uitspraak in *GN v JN*.¹⁶ Aandag word gegee aan die regsaspekte wat grotendeels deur die Hoogste Hof van Appèl uitgeklaar is, die aspekte wat slegs oorsigtelik deur die hof aangeraak is en uiteindelik die aspekte wat steeds nie opgeklaar is nie. Voorstelle om hierdie tekortkominge aan te spreek word ook in die hoofstuk oorweeg.

Hoofstuk 6 is 'n samevatting van die navorsing en 'n aanduiding van die impak van die Hoogste Hof van Appèl se uitspraak. Hierdie finale hoofstuk oorweeg tot watter mate die toepassing van die relevante artikels rakende pensioendeling by egskeiding die strewe na geslagsgelykheid bereik het.

¹⁵ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA).

¹⁶ *Ibid.*

HOOFSTUK 2:
ALGEMENE OORSIG OOR DIE VERMOËNSREGTELIKE GEVOLGE BY
EGSKEIDING

2.1 Inleiding

Die huwelik het verrykende gevolge vir gades sowel as hul goedere.¹⁷ Sommige gevolge tree *ex lege* in werking en kan dus nie deur die gades uitgesluit word nie.¹⁸ Sulke gevolge word geken as die onveranderlike (of onveranderbare) gevolge van die huwelik.¹⁹ Ander gevolge kan deur die partye gereguleer word en staan bekend as die veranderlike gevolge van die huwelik.²⁰ Die onveranderlike gevolge van die huwelik sluit die volgende in:

1. Gevolge wat die status van gades raak;²¹
2. Die totstandkoming van 'n *consortium omnis vitae*;²²
3. Gevolge wat verband hou met die wedersydse verpligting tot onderhoud tussen die gades.²³

Die veranderbare gevolge van die huwelik hou hoofsaaklik verband met die gades se boedels en vermoënsregtelike aspekte.²⁴

Hierdie skripsie fokus op die vermoënsregtelike gevolge by die ontbinding van 'n huwelik deur egskeiding, en dan meer spesifiek, die verdeling van pensioenbelange by of na datum van egskeiding. Algemeen gesproke word die vermoënsregtelike gevolge by egskeiding bepaal deur die huweliksgoederebedeling van die betrokke

¹⁷ Heaton & Kruger (2015) 41.

¹⁸ *Ibid.*

¹⁹ *Ibid.*

²⁰ *Ibid.*

²¹ *Ibid.*

²² Heaton & Kruger (2015) 42; *Peter v Minister of Law and Order* 1990 (4) SA 6 (E) para 9 word die konsep as volg gedefinieer: "*consortium* is used as an umbrella word for all the legal rights of one spouse to the company, affection, services and support of the other". In *Wiese v Moolman* 2009 (3) SA 122 (T) para 127 omskryf die hof *consortium* as volg: "die samesyn, die kameraadskap, die wedersydse vertroue, liefde en ondersteuning wat vir die genote uit die huwelik voortspruit".

²³ Heaton & Kruger (2015) 44.

²⁴ Heaton & Kruger (2015) 41.

gades.²⁵ Ingevolge die Suid-Afrikaanse reg is die outomatiese huweliksgoederebedeling binne gemeenskap van goed met insluiting van wins en verlies.²⁶ Indien gades by die sluit van hul huwelik gemeenskap van goed en/of gemeenskap van wins en verlies beperk of uitgesluit het, sal die verdeling van bates deur die gades se huwelikskontrak²⁷ bepaal word.

2.2 Vermoënsregtelike gevolge by egskeiding

2.2.1 Inleiding

Soos reeds uitgewys, word die verdeling van bates by egskeiding bepaal aan die hand van die huweliksgoederebedeling wat op die huwelik van toepassing is.²⁸ Daar bestaan hoofsaaklik twee tipes huweliksgoederebedelings in Suid-Afrika, synde die huwelik binne gemeenskap van goed en die huwelik buite gemeenskap van goed.²⁹ Die verdeling van gades se boedels ingevolge elk van hierdie goederebedelings word hieronder meer volledig uiteengesit.

2.2.2 Die huwelik binne gemeenskap van goed

Aangesien gades getroud binne gemeenskap van goed gebonde mede-eienaars van die gesamentlike boedel is, is elke gade *ex lege* geregtig op die helfte van die gemeenskaplike boedel by egskeiding.³⁰ Bates wat deur die gades afsonderlik besit word,³¹ word egter nie deur die egskeiding van die partye geraak nie. Sulke bates wat uitgesluit word van die gemeenskaplike boedel vestig dus in 'n afsonderlike boedel van daardie gade en sal nie deel vorm van die gemeenskaplike boedel vir verdeling tydens egskeiding nie.³²

²⁵ Heaton (2014) 57.

²⁶ Heaton (2014) 59.

²⁷ Anders meer algemeen bekend as "heweliksvoorwaardekontrak" of, veral in wetgewing, bloot "heweliksvoorwaardes": Sien bv art 3(1)(a) van die Wet.

²⁸ Heaton (2014) 57.

²⁹ Heaton (2014) 59.

³⁰ Skelton & Carnelley (2010) 168.

³¹ Vir 'n bespreking van bates wat nie deel sal vorm van die gemeenskaplike boedel nie, sien Heaton & Kruger (2015) 64-66.

³² *Ibid.*

2.2.3 Verdeling van bates ooreenkomstig huwelikskontrak

Gemeenskap van goed en/of gemeenskap van wins en verlies moet deur 'n voor of nahuwelikskontrak uitgeluit word. 'n Informele voorhuwelikskontrak is afdwingbaar tussen gades.³³ Hoewel, vir huwelikskontrak om afdwingbaar te wees teenoor derdes (debiteure en krediteure van die onderskeie gades) moet die huwelikskontrak geregistreer wees.³⁴ 'n Nahuwelikskontrak is slegs afdwingbaar indien dit ooreenkomstig artikel 21 van die Wet op Huweliksgoedere³⁵ deur die hof goedgekeur en geregistreer is. Hierdie artikel maak voorsiening daarvoor dat partye post huweliksluiting kan ooreenkom om hul huweliksgoederebedeling te wysig deur die sluit van 'n nahuwelikskontrak.³⁶ 'n Nahuwelikskontrak wat nie deur die hof goedgekeur en geregistreer is nie, is hoegenaamd nie geldig nie – nie eers *inter partes* nie. Alhoewel hierdie posisie gekritiseer word, het die hof in *Honey v Honey*³⁷ beslis dat die onveranderlikheidsbeginsel geen ander gevolgtrekking regverdig nie.

Afhangende van die mate waartoe gemeenskap van goed, wins en verlies en die aanwasbedeling deur die partye in hulle huwelikskontrak uitgesluit word, sal die bates by egskeiding as volg verdeel word.

2.2.3.1 Die huwelik buite gemeenskap van goed met insluiting van wins en verlies

Hierdie huweliksgoederebedeling bestaan uit 3 (drie) boedels, aangesien daar onderskei word tussen die onderskeie gades se voor- en nahuwelikse bates en laste.³⁸ Alle voorhuwelikse bates en laste sal nie deur die egskeiding geraak word

³³ Heaton & Kruger (2015) 84.

³⁴ Art 86 van die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937. Sien Heaton & Kruger (2015) 84. Ingevolge art 87(1) van die Wet moet 'n voorhuwelikskontrak deur 'n Notaris van die Republiek van Suid-Afrika verly wees asook binne drie maande na verlyding geregistreer word in die Register van Aktes. Indien partye nagelaat het om te voldoen aan hierdie vereistes, mag die Hoë Hof genader word onder art 88 om die voorhuwelikskontrak na huweliksluiting te laat verly en te registreer.

³⁵ 88 van 1984.

³⁶ Die vereistes om te slaag met 'n aansoek soos beoog in art 21 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 is die volgende: Die gades moet genoegsame redes kan aanvoer vir die voorgenome wysiging van die partye se huweliksgoederebedeling; voldoende kennis van die voorgenome wysiging moet aan skuldeisers gegee word en die gades moet kan aantoon dat geen ander persoon deur die wysiging benadeel sal word nie.

³⁷ *Honey v Honey* 1992 (3) SA 609 (W) 612A-B.

³⁸ Heaton & Kruger (2015) 91

nie aangesien dit deel vorm van die gades se afsonderlike boedels.³⁹ Alle bates en laste na huweliksluiting val in 'n gemeenskaplike boedel van die partye en sal verdeel word soos beskryf in 2.2.2 hierbo. Hierdie vorm van buite gemeenskap van goedere is baie raar.⁴⁰

2.2.3.2 *Die huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en uitsluiting van die aanwasbedeling*

Indien partye in hul huwelikskontrak gemeenskap van goed en wins en verlies uitsluit, sal die aanwasbedeling outomaties op so 'n huwelik van toepassing wees.⁴¹ Gades moet dus spesifiek die aanwasbedeling uitsluit indien hulle geen vorm van winsdeling beoog by die ontbinding van die huwelik deur egskeiding nie.⁴² Indien partye hierdie spesifieke huweliksgoederebedeling gekies het, sal die boedels van die partye nie deur 'n egskeiding geraak word nie tensy die hof 'n herverdelingsbevel ingevolge artikel 7(3) van die Wet toestaan. Hierdie diskresie van die hof word in paragraaf 2.3.4 hieronder bespreek.

2.2.3.3 *Die huwelik buite gemeenskap van goed met die toepassing van die aanwasbedeling*

Soos reeds in die vorige paragraaf aangedui, sal die aanwasbedeling outomaties op partye se huwelik van toepassing wees waar die partye buite gemeenskap van goed met die uitsluiting van gemeenskap van goed en wins en verlies getroud is, na 1 November 1984 en waar die aanwasbedeling nie uitdruklik uitgesluit is deur die partye in 'n huwelikskontrak nie.⁴³ In so geval sal daar tydens die bestaan van die huwelik slegs twee boedels bestaan en elk van die gades sal beheer oor sy of haar eie boedel hê.⁴⁴ By ontbinding van die huwelik (hetsy deur dood of deur egskeiding) sal die gade wie se boedel geen aanwas toon nie, of 'n kleiner aanwas toon as die boedel van die ander gade, 'n vordering teen die ander gade se boedel verkry vir 'n bedrag gelykstaande aan die helfte van die verskil tussen die aanwasse van die

³⁹ *Ibid.*

⁴⁰ *Ibid.*

⁴¹ Heaton & Kruger (2015) 90.

⁴² *Ibid.*

⁴³ Art 2 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984.

⁴⁴ Heaton & Kruger (2015) 92. Sien ook Louw & Van Schalkwyk (2017) 134.

onderskeie boedels.⁴⁵ Die aanwas van 'n gade se boedel is die bedrag waarmee die netto waarde van sy of haar boedel by ontbinding van die huwelik (die eindwaarde), die netto waarde by die aanvang van die huwelik (die aanvangswaarde) oorskry.⁴⁶ Die vordering vir aanwas ontstaan eers by die ontbinding van die huwelik⁴⁷ en hierdie reg is nie ten tye van die huwelik sedeerbaar, vatbaar vir beslaglegging of vorm deel van die insolvente boedel van 'n gade nie.⁴⁸

2.3 Faktore of bevele wat vermoënsregtelike gevolge by egskeiding kan beïnvloed

2.3.1 Inleiding

Die normale verdeling van die gades se bates by egskeiding soos hierbo uiteengesit, kan egter deur die volgende faktore en bevele beïnvloed word:

1. Pensioendeling;
2. verbeurdverklaring van voordele;
3. herverdelingsbevel; en
4. bestaan van universele vennootskap.

2.3.2 Pensioendeling

Artikel 7(7)(a) van die Wet bepaal dat by die verdeling van die vermoënsregtelike voordele waarop partye in enige egskeidingsgeding geregtig is, word 'n party se pensioenbelang geag deel te wees van sy/haar bates. Die hof word ingevolge artikel 7(8) gemagtig om 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang by egskeiding aan die nie-lidgade toe te wys en kan dus op hierdie wyse die nie-lidgade se voordele by egskeiding vergroot. Die verdeling van 'n gade se pensioenbelang by egskeiding is die fokus van hierdie skripsie. Hierdie aspek word volledig in hoofstuk 3 hieronder bespreek en sal dus nie hier verder aandag geniet nie.

⁴⁵ Art 3(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984. Sien ook Heaton & Kruger (2015) 93 en Louw & Van Schalkwyk (2017) 135.

⁴⁶ Art 4(1) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984. Sien ook Heaton & Kruger (2015) 93 en Louw & Van Schalkwyk (2017) 137.

⁴⁷ *AB v JB* 2016 (5) SA 211 (HHA) para 21.

⁴⁸ Art 3(2) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984. Sien ook Heaton & Kruger (2015) 93.

2.3.3 Verbeurdverklaring van voordele

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet mag 'n hof wat die egskeiding toestaan op grond van onherstelbare verbrokkeling, 'n bevel maak ingevolge waarvan die vermoënsregtelike voordele van die huwelike verbeur word deur die een gade, ten gunste van die ander gade.⁴⁹ 'n Verbeurdverklaringsbevel kan slegs verleen word indien 'n vermoënsregtelike voordeel aanwesig is.⁵⁰ Alhoewel daar nie algehele eenstemmigheid bestaan oor die betekenis van "vermoënsregtelike voordeel" vir doeleindes van hierdie artikel nie, word die definisie van die hof in *Watt v Watt and Another*⁵¹ oor die algemeen aanvaar.⁵² Sodra die hof die feitelike vraag na 'n vermoënsregtelike voordeel vasgestel het, moet die hof in sy diskresie bepaal of die voordeel onbehoorlik sal wees.⁵³ Die faktore wat in ag geneem kan word om die vereurdverklaringsbevel te maak word beperk tot die volgende drie faktore: Die duur van die huwelik, die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die verbrokkeling van die huwelik en enige wesentlike wangedrag deur enige van die gades.⁵⁴

Die duur van die huwelik dui op die duur van 'n regsgeldige huwelik, dus die tydperk vanaf datum van huweliksluiting tot die datum van egskeiding.⁵⁵ Die omstandighede wat tot die verbrokkeling van die huwelik aanleiding gegee het, mag ook omstandighede wees wat vanweë toeval of die ingreep van die noodlot bygedra het tot die verbrokkeling van die huwelik.⁵⁶ Wesentlike wangedrag kan gedrag insluit wat nie gelei het tot die verbrokkeling van die huwelik tussen die gades nie⁵⁷ maar word

⁴⁹ Heaton (2014) 91. Artikel 9(2) van die Wet verbied 'n verbeurdverklaringsbevel indien die egskeiding op grond van geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid van die verweerder verleen word.

⁵⁰ Heaton (2014) 91; Heaton & Kruger (2015) 135.

⁵¹ *Watt v Watt* 1984 (2) SA 455 (W) 461.

⁵² In *Watt v Watt* 1984 (2) SA 455 (W) 461G beskryf die hof die betekenis van 'n vermoënsregtelike voordeel as volg: "I am of the opinion that the benefits which are liable to be forfeited are those which are derived either by virtue of the legal effect of the marriage in community of property or by virtue of a provision made in an antenuptial contract."

⁵³ Heaton (2014) 91.

⁵⁴ Art 9(1).

⁵⁵ *Matyila v Matyila* 1987 (3) SA 230 (W) 234H en 236B-C.

⁵⁶ *Klerck v Klerck* 1991 (1) SA 265 (W) 268I; *Binda v Binda* 1993 (2) SA 123 (W) 127H-I.

⁵⁷ Heaton (2014) 92.

beperk tot growwe wangedrag.⁵⁸ Dit sluit dus nie die oorweging van beuselagtighede in nie.⁵⁹

Wanneer 'n verbeurdverklaringsbevel toegestaan word, kan 'n gade sy of haar eis tot die voordele voortspruitend uit die huwelik, hetsy gedeeltelik of in geheel, verbeur.⁶⁰ Dit beteken nie dat 'n gade sy of haar eie bates kan verbeur nie.⁶¹ Dit beteken slegs dat die gade teen wie die bevel gemaak word, sy of haar voordele kan verbeur wat hy of sy potensieel sou gehad uit hoofde van die huweliksgoederebedeling wat op die huwelik van toepassing was.⁶² 'n Hof mag nie 'n verbeurdverklaringsbevel gebruik as 'n meganisme om af te wyk van die normale huweliksgoederebedeling tussen gades ten einde 'n herverdeling van bates te konstrueer wat die hof mag billik en regverdig ag nie.⁶³

Die grondwetlikheid rondom die toestaan van 'n verbeurdverklaringsbevel is onlangs in *MC v JC*⁶⁴ bevraagteken. *In casu* is geargumenteer dat die toestaan van 'n verbeurdverklaringsbevel nie meer strook met die gemeenskapsedes nie, aangesien die toestaan van so 'n bevel grootliks steun op die skuldbeginsel waarvan daar reeds weggedoen is deur ons regstelsel as dit kom by egskeidings.⁶⁵

2.3.4 Herverdelingsbevele

'n Party in 'n egskeidingsgeding kan 'n herverdelingsbevel ingevolg artikel 7(3) van die Wet aanvra in die volgende omstandighede:

1. Die eis moet tydens egskeidingsverrigtinge ingestel word en nie daarna nie;

⁵⁸ *Singh v Singh* 1983 (1) SA 781 (K) 791 C- D; *Matyila v Matyila* 1987 (3) SA 230 (W) 235C; *Klerck v Klerck* 1991 (1) SA 265 (W) 269A.

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ Art 9(1) van die Wet.

⁶¹ Heaton (2014) 92.

⁶² *Rousalis v Rousalis* 1980 (3) SA 446 (C) 450E-F. Sien ook Heaton (2014) 92.

⁶³ Heaton (2014) 92; Heaton & Kruger (2015) 135.

⁶⁴ *MC v JC* 2016 (2) SA 227 (GP).

⁶⁵ *MC v JC* 2016 (2) SA 227 (GP) para 33. Sien ook Bonthuys "The rule that a spouse cannot forfeit at divorce what he or she has contributed to the marriage: An argument for change" 2014 (131) SALJ 439.

2. Huwelike ingevolge artikel 22(6) van die Swart Administrasie Wet⁶⁶ moes voor 2 Desember 1988 gesluit gewees het, aangesien die bepalings van artikel 22(6) op 2 Desember 1988 herroep is;
3. Huwelike anders as die in (2) hierbo, moes voor 1 November 1984 gesluit gewees het.⁶⁷

Alvorens 'n hof 'n herverdelingsbevel mag maak, stel artikel 7(4) van die Wet twee vereistes waaraan voldoen moet word:

1. Die party wie 'n verdeling aanvra moes tydens die huwelik 'n direkte of indirekte bydrae tot die groei of instandhouding van die ander party se boedel gemaak het, hetsy deur die lewering van dienste, of die besparing van uitgawes wat andersins aangegaan sou moes word.⁶⁸
2. Dit moet billik en regverdig wees om die verdeling te gelas.⁶⁹

Die faktore wat die hof in ag moet neem ten einde die omvang en wyse van die herverdeling van die bates tussen die gades te gelas, word in artikel 7(5) van die Wet uiteengesit:

1. Die bydrae van die party wat die herverdeling aanvra, soos uiteengesit in artikel 7(4) van die Wet;
2. Die bestaande vermoëns en verpligtinge van die partye;⁷⁰
3. Skenkings wat tydens die bestaan van die huwelik vanaf die een gade aan die ander gemaak is, of wat kragtens die huwelikskontrak verskuldig of afdwingbaar is;⁷¹
4. 'n Verbeurdverklaringsbevel ingevolge artikel 9 van die Wet;⁷²
5. Enige ander faktor.⁷³

⁶⁶ 38 van 1927.

⁶⁷ Art 7(3).

⁶⁸ *Beaumont v Beaumont* 1987 (1) SA 967 (HHA) 988I.

⁶⁹ *Badenhorst v Badenhorst* 2005 (2) SA 253 (K) 260I.

⁷⁰ Art 7(5)(a).

⁷¹ Art 7(5)(b).

⁷² Art 7(5)(c).

⁷³ Art 7(5)(d).

Indien 'n gade dus slaag met 'n herverdelingsbevel ingevolge artikel 7(3) van die Wet, word die normale verdeling van bates ingevolge die partye se huweliksgoederebedeling (buite gemeenskap van goed) beïnvloed, deurdat daar afgewyk word van die algemene beginsel van 'n totale skeiding van die gades se boedels. Indien die hof 'n herverdelingsbevel gelas is die effek van die bevel dat sekere bates of gedeelte van bates van die party teen wie die herverdelingsbevel verleen word aan die party ten gunste van wie die herverdelingsbevel verleen word, oorgedra word.⁷⁴

2.3.5 Universele vennootskappe

'n Universele vennootskap is 'n *sui generis* vennootskap wat tot stand kom wanneer partye hul vermoëns, vernuf en arbeid gebruik vir 'n gesamentlike voordeel.⁷⁵ Daar bestaan 2 (twee) tipes universele vennootskappe, synde:

1. *universorum bonorum* (algehele universele vennootskap); en⁷⁶
2. *universorum quae ex quaesta veniunt* (kommersiële universele vennootskap)⁷⁷

Algehele universele vennootskappe dek al die verkrygings van partye, hetsy kommersiël of uit ander ondernemings.⁷⁸ Kommersiële universele vennootskappe ontstaan waar 'n spesifieke kommersiële onderneming by ooreenkoms die universele vennootskap uitmaak.⁷⁹ Daar bestaan 3 (drie) vereistes vir 'n kommersiële universele vennootskap, synde:

1. Elke vennoot moet iets (soos byvoorbeeld geld, arbeid of vaardighede) tot die vennootskap inbring;⁸⁰
2. die vennootskap moet tot voordeel van die vennote wees;⁸¹ en

⁷⁴ Heaton (2014) 101. Sien ook Louw & Van Schalkwyk (2017) 176.

⁷⁵ Van Niekerk (1999) 2-8.

⁷⁶ *JW v CW* 2012 (2) SA 529 (NCK) para 9.

⁷⁷ *Ibid.*

⁷⁸ *Butners v Mncora* 2012 (4) SA 1 (HHA) para 14; Van Schalkwyk "Die ekstrinsieke getuienis-reël: Universele Vennootskappe en die huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en die aanwas" 2015 (12) *Litnet Akademies* 416.

⁷⁹ *Butners v Mncora* 2012 (4) SA 1 (HHA) para 14; Van Niekerk (1999) 2-9.

⁸⁰ *Butners v Mncora* 2012 (4) SA 1 (HHA) para 11.

⁸¹ *Ibid.*

3. daar moet 'n winsmotief wees.⁸²

In *JW v CW* is bevind dat 'n algehele universele vennootskapsooreenkoms wat na huweliksluiting tot stand gekom het ongeldig is, aangesien dit 'n informele verandering van die huweliksgoederebedeling tot gevolg het.⁸³ In *RD v TD* is bevind dat 'n kommersiële universele vennootskap wat na huweliksluiting tussen die partye gesluit is, geldig is aangesien so 'n vennootskapsooreenkoms nie tot gevolg het dat die huweliksgoederebedeling tussen die partye verander word nie.⁸⁴

In *EA v EC* is bevind dat 'n universele vennootskap (hetsy algeheel of kommersieël) wat voor huweliksluiting gesluit is, onafdwingbaar is⁸⁵, maar indien die universele vennootskap (hetsy algeheel of kommersieël) voor huweliksluiting, maar na die sluit van die huwelikskontrak tot stand gekom het, sal dit *inter partes* afdwingbaar wees, soos bevind in *Ex parte Spinazze*.⁸⁶

'n Eis in terme van 'n universele vennootskap word hoofsaaklik aangetref in gevalle waar partye buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en uitsluiting van die aanwasbedeling getroud is.⁸⁷ In hedendaagse tye is dit nie ongewoon vir partye om gesamentlik 'n besigheid te bestuur en die winste van so 'n besigheid aan te wend vir die verkryging van voertuie, eiendomme ensomeer.⁸⁸ Dit word ook gevind dat in so geval word die aandele in die maatskappy of die lidmaatskap in 'n beslote korporasie slegs deur een van die partye gehou, terwyl die werklike toedrag van sake is dat die bate (syne die aandele of die lidmaatskap) aan beide partye behoort, aangesien beide partye 'n bydrae lewer tot die besigheid.⁸⁹ Wanneer die partye se huwelik beeindig, vestig die bates van so 'n universele vennootskap meestal slegs in een van die gades se boedel en in die afwesigheid van 'n remedie vir 'n herverdeling van bates, word daar dan 'n eis vir 'n universele vennootskap ingestel.⁹⁰ Die effek van so 'n eis is dat die universele vennootskap as

⁸² *Ibid.*

⁸³ *JW v CW* 2012 (2) SA 529 (NCK) para 15; Van Schalwyk 2015 (12) *Litnet Akademies* 418.

⁸⁴ *RD v TD* 2014 (4) SA 200 (GP) para 14.

⁸⁵ *EA v EC* (ongerapporteerde saak) 25924/09 ZAGPSHC (25 Oktober 2012) para 27-28.

⁸⁶ *Ex Parte Spinazze* 1983 (4) SA 751 (T) 658A.

⁸⁷ Van Niekerk (1999) 2-8.

⁸⁸ Van Niekerk (1999) 2-9.

⁸⁹ *Ibid.*

⁹⁰ Van Niekerk (1999) 2-8.

'n gesamentlike bate by egskeiding hanteer word en dat beide gades aanspraak het op die bates/voordele van die vennootskap.⁹¹

2.4 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die normale verdeling van bates by egskeiding bespreek met verwysing na die verskillende huweliksgoederebedelings wat op 'n huwelik van toepassing kan wees. Die bespreking is verder gewy aan faktore en bevele wat hierdie normale verdeling kan beïnvloed. In die volgende hoofstuk sal daar uitsluitlik gefokus word op een van hierdie faktore, naamlik die toewysing van 'n deel van die pensioenbelang van 'n lidgade aan 'n nie-lidgade by egskeiding.

⁹¹ Sien Heaton & Kruger (2015) 110-111.

HOOFSTUK 3: REGULERING VAN PENSIOENBELANGE BY EGSKEIDING

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk sal gewy word aan 'n bespreking van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die invoer van artikels 7(7) en 7(8) in die Egskeidingswet gevolg deur 'n uiteensetting van die inhoud, omvang en toepassing van hierdie artikels. Laastens sal daar kortliks verwys word na ander wetswysings wat genoodsaak is deur die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) in die Wet.

3.2 Posisie voor die wysiging van die Wet op Egskeiding

Voor 1 Augustus 1989 het 'n pensioenbelang van 'n lidgade nie deel gevorm van sy of haar boedel, alternatiewelik van die gemeenskaplike boedel nie.⁹² Die bedrag deur die fonds gehou om voorsiening te maak vir die toekomstige verpligting van die fonds teenoor die lidgade, in die vorm van 'n pensioenbelang, was 'n bate van die fonds en nie van die lidgade nie.⁹³ Eers op die datum waarop die lidgade te sterwe gekom, afgetree of afgedank was, het die pensioenbelang van die lidgade sy/haar boedel of die gemeenskaplike boedel (indien die partye binne gemeenskap van goed getroud was) toegeval.⁹⁴ Dus met egskeiding kon die nie-lidgade geen aanspraak maak op die lidgade se pensioenbelang nie. Dit was 'n bate van die pensioenfonds.⁹⁵

Die kwessie rondom die reg van die nie-lidgade om te deel in die lidgade se pensioenbelang by egskeiding is op verskeie geleenthede informeel oorweeg.⁹⁶ Die

⁹² In *Kotze v Kotze* 2013 JOL (WCC) para 19 word die posisie as volg verduidelik: "It appeared that prior to the introduction of section 7 of the Divorce Act, the party whose spouse was a member of a pension fund did not have a recognised interest in the pension of such other spouse. Where such benefit had not yet accrued, it was not generally regarded as an asset in such pension holder's estate where the marriage was in community of property and moreover, neither was regarded as an asset of the joint estate."

⁹³ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) (Pty) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 17.

⁹⁴ *Schenk v Schenk* 1993 (2) SA 346 (E) 350D.

⁹⁵ *Old Mutual Life Assurance Company SA (Pty) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 17.

⁹⁶ Ondersoek deur die Interdepartementele Komitee na sekere bepaalde pensioenaangeleenthede 1980 wat gelei het tot die Wetsontwerp op Bewaring van Pensioenbelange soos afgekondig in die

Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1984 vir die eerste keer die kwessie rondom die pensioenbelang by egskeiding formeel ondersoek.⁹⁷ Op daardie stadium was daar nog geen hofuitsprake wat hierdie kwessie aangespreek het nie.⁹⁸ Die Kommissie het in hierdie ondersoek hoofsaaklik klem gelê op die feit dat die vrou (as nie-lidgade) benadeel word deurdat sy slegs sou kon deel in die pensioenbelang van haar man indien sy nog die status van sy "vrou" gehad het.⁹⁹ Die gevolgtrekking waartoe die Kommissie gekom het, was dat die regsposisie in Suid-Afrika hervorm moet word om voorsiening te maak vir pensioenverrekening by egskeiding.¹⁰⁰

Die Kommissie was egter van mening dat die kwantifisering van 'n pensioenbelang tydens egskeiding moeilik bepaalbaar is as gevolg van die die feit dat die realisering van die pensioenbelang afhanklik is van verskeie veranderlikes.¹⁰¹ Die Kommissie het bevind dat pensioenbelange gereguleer word deur verskeie reëls en regulasies wat teenstrydig is met die pogings om geslagsgelykheid te bewerkstellig, spesifiek ten aansien van die vrou se reg om te deel in die man se pensioenbelang by egskeiding.¹⁰² Die Kommissie het op daardie stadium geen aanbevelings gemaak nie, maar voorsien dat die reëls en regulasies ten aansien van pensioenbelange gewysig sal moet word alvorens daar vooruitgang sal wees.¹⁰³

In 1985 word die vraag of 'n pensioenbelang deel uitmaak van 'n gemeenskaplike boedel vir die eerste keer in die ongerapporteerde beslissing van *Maritz v Maritz*¹⁰⁴ geopper. In hierdie saak was die partye binne gemeenskap van goed getroud en in 1982 geskei.¹⁰⁵ Twee jaar na egskeiding ontvang die man sy pensioenvoordeel.¹⁰⁶ Mevrouw Maritz het 'n eis ingestel vir betaling van die helfte van die pensioenbelang op die basis dat die pensioenbelang deel gevorm het van die gemeenskaplike boedel op datum van egskeiding, desnieteenstaande die feit dat die pensioenbelang

Staatskoerant 1981:7740. Hierdie wetsontwerp is nooit as wet aangeneem nie; GH Fick "Pensioenverrekening tussen gades met egskeiding" 1990 (1) *Tydskrif vir Regswetenskap* 57.

⁹⁷ SARK 1984-werksdokument para 3.

⁹⁸ Para 3.1.1.

⁹⁹ Para 3.1.1.

¹⁰⁰ Para 1.6.

¹⁰¹ Para 2.1.

¹⁰² Para 3.1.

¹⁰³ *Ibid.*

¹⁰⁴ *Maritz v Maritz* (ongerapporteerde saak) A410/85 (K).

¹⁰⁵ Ellis "Maritz v Maritz KPA A410/85: Ongerapporteer" *THRHR* 1986 (49) 236.

¹⁰⁶ *Ibid.*

op daardie stadium nog nie gerealiseer het nie.¹⁰⁷ Ondanks die feit dat die hof geen bevinding in die verband gemaak het nie, is daar met verwysing na *Ex Parte de Wef*¹⁰⁸ en *Gillingham v Gillingham*¹⁰⁹ die volgende opmerking gemaak:

“Now, it would appear that after the dissolution of a marriage in community of property a party is not free to sue the other for a half share of any specific asset of that estate.” (Eie beklemtoning)

Voormelde aanhaling dui daarop dat vanweë die feit dat die huwelik reeds ontbind was, Mevrouw Maritz nie geregtig was op 'n gedeelte van Meneer Maritz se pensioenfonds nie.¹¹⁰

Gedurende Oktober 1986 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n verslag gepubliseer en die voorstel gemaak dat 'n man se pensioenfonds (alternatiewelik die waarde daarvan) in ag geneem behoort te word by egskeiding.¹¹¹ Vir doeleindes van die ondersoek is die volgende faktore deur die Kommissie in ag geneem:

1. Konsultasie: Die meerderheid van die persone wat kommentaar gelewer het op die voorstel deur die Kommissie was ten gunste daarvan dat 'n gade in die pensioenbelang van die lid-gade by egskeiding moet deel;¹¹²
2. Regsontwikkeling in ander lande: Verskeie lande op datum van die ondersoek, onder ander, Engeland, Skotland, die Verenigde State van Amerika, Nieu-Seeland, Nederland, Duitsland, Switserland en Kanada het aan die nie-lidgade 'n eis tot die lidgade se pensioenbelang op datum van egskeiding gebied;¹¹³
3. Regsgelykheid: Die Kommissie was van mening dat die miskenning van enige aanspraak deur die nie-lidgade moontlik kon lei tot ongelykheid tussen gades.¹¹⁴ Die Kommissie het die posisie van gades binne gemeenskap van

¹⁰⁷ *Ibid.*

¹⁰⁸ *Ex Parte de Wef* 1952 (4) SA (O).

¹⁰⁹ *Gillingham v Gillingham* 1904 TS 609.

¹¹⁰ Ellis 1986 (49) *THRHR* 236.

¹¹¹ Die SARK 1986-verslag para 1.4 verduidelik die die posisie as volg: “A person’s accrued frozen pension interest is often his most valuable possession – worth more than even his house – and this will become increasingly so the longer compulsory preservation applies. In the opinion of the Committee such an important asset should also be taken into account in the division of assets in a divorce.”

¹¹² SARK 1986-verslag para 6.2.

¹¹³ *Ibid.*

¹¹⁴ *Ibid.*

goed¹¹⁵ sowel as buite gemeenskap van goed met die aanwasbedeling¹¹⁶ oorweeg en bevind dat die nie-lidgade alleenlik aanspraak kon maak op die pensioenbelang van die lidgade indien die pensioenbelang die lidgade se boedel voor datum van egskeiding toegeval het. Die ongelykheid kon ontstaan vanweë die feit dat die lidgade se pensioenbelang op daardie stadium nie erken kon word as 'n ekonomiese realiseerbare bate nie. Die Kommissie het dus aanbeveel dat Wetgewing die posisie behoort aan te spreek om sodoende die moontlikheid te skep vir die nie-lidgade om te eel in die lidgade se pensioenbelang op egskeiding.¹¹⁷ Die basis waarop die Kommissie gesteun het was dat die nie-lidgade (wat moontlik nie sy/haar eie pensioenbelang kon opbou nie) in die pensioenbelang van die lidgade behoort te deel, aangesien sy/hy wel sou deel in die pensioenbelang van die lidgade indien die huwelik nie ontbind het nie.¹¹⁸

Die Regskommissie was van mening dat indien 'n pensioenbelang as 'n bate van die lidgade beskou sou word, dit sinvol verdiskonteer kon word in alle huwelike waar daar 'n vorm van winsdeling gegeld het – dus huwelike binne gemeenskap van goed en huwelike buite gemeenskap van goed met insluiting van die aanwasbedeling.¹¹⁹ Die erkenning van 'n lidgade se pensioenbelang as 'n bate is ook as 'n logiese gevolg van enige winsdeling beskou aangesien die winsdelende gades in dit wat hulle deur gesamentlike inspanning *stante matrimonio* verwerf het, behoort te kan deel.¹²⁰ Die verslag van die Kommissie het daartoe gelei dat artikels 7(7) en 7(8) in die Wet ingevoer is. Voormelde wysiging het tot gevolg gehad dat 'n lidgade se pensioenbelang tans as 'n bate geag word vir doeleindes van die verdeling van die gades se bates by egskeiding.¹²¹

¹¹⁵ In die SARK 1986-verslag para 3.16 word die posisie ten aansien van gemeenskap van goed as volg uiteengesit: "Any right or interest the one spouse may have in the future pension benefits of the other on divorce is disregarded on division of the joint estate."

¹¹⁶ In die SARK 1986-verslag para 3.22 word die posisie ten aansien van buite gemeenskap van goed met toepassing van die aanwas as volg uiteengesit: "It is clear that a spouse's pension benefits may be taken into account in the determination of the accrual only in so far as they have already been paid out to him or her. A spouse's contributions *state matrimonio* are a charge on his or her separate estate and of course affect the eventual accrual of his or her estate."

¹¹⁷ SARK 1986-verslag para 5.5.

¹¹⁸ Para 5.6.

¹¹⁹ Fick 1990 (1) *Tydskrif vir Regswetenskap* 93.

¹²⁰ *Ibid.*

¹²¹ In *De Kock v Jacobson* 1999 (4) SA 346 (W) 349G maak die hof die volgende bevinding: "There was to my mind no reason in principle why the accrued right to a pension by one of the parties to a

3.3 Posisie na die wysiging tot die Wet op Egskeiding

Op 1 Augustus 1989 is subartikels 7(7) en 7(8) in die Wet ingevoer met die gevolg dat pensioenbelange by egskeiding sedertdien statutêr gereguleer word. Die bespreking hieronder sal fokus op die inhoud van die relevante statutêre bepalings sowel as daaropvolgende wysigings in ander wetgewing.

3.3.1 Artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding

Artikel 7(7) lees as volg:

- “(a) By die bepaling van die vermoënsregtelike voordele waarop die partye in enige egskeidingsgeding geregtig is, word ‘n party se pensioenbelang, behoudens paragrawe (b) en (c), geag deel van sy bates te wees;
- (b) Die bedrag wat aldus geag word deel van ‘n party se bates te wees, word verminder met enige bedrag van sy pensioenbelang wat uit hoofde van paragraaf (a) by ‘n vorige egskeiding –
 - (i) Aan ‘n ander party oorbetal of toegewys is; of
 - (ii) Vir doeleindes van ‘n ooreenkoms soos beoog in subartikel (1), ten voordeel van ‘n ander party in berekening gebring is.
- (c) Paragraaf (a) is nie van toepassing nie op ‘n egskeidingsgeding ten opsigte van ‘n huwelik buite gemeenskap van goed, wat op of na 1 November 1984 gesluit is ingevolge huweliksvoorwaardes waardeur gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitgesluit is.”

Ingevolge die definisie van ‘n pensioenbelang word die geagte waarde van die lidgade se pensioenbelang bereken soos op datum van egskeiding.¹²² Die definisie van ‘n pensioenbelang is volgens die uitspraak in *Proktetor Preservation Fund v Bellars* uitgebrei om ‘n belang in ‘n preserveringsfonds in te sluit.¹²³ Indien die lidgade se werksbetrekking tot ‘n einde gekom het voor datum van egskeiding en die lidgade het die pensioenvoordeel wat aan hom/haar uitbetaal het herbelê in ‘n preserveringsfonds, word die bedrag wat in berekening gebring word vir egskeidingsdoeleindes bepaal aan die hand van die waarde wat die voordeel werd

marriage in community of property should not form part of the community of property existing between the parties prior to their divorce.”

¹²² Die berekening word gedoen deur die Pensioenfonds.

¹²³ *Protektor Preservation Pension Fund v Bellars* 2009 (4) SA 455 (D) para 15.

sou wees ingevolge die reëls van die preserveringsfonds, sou die lidgade se lidmaatskap beeindig het op datum van egskeding.¹²⁴

Vir doeleindes van die toepassingsveld van artikel 7(7) van die Wet is dit belangrik om te onderskei tussen 'n pensioenbelang en 'n pensioenvoordeel. 'n Pensioenvoordeel is 'n voordeel wat reeds die lidgade toegeval het op datum van egskeding. Soos in die geval van enige voordeel of bate, sal 'n pensioenvoordeel wat 'n gade toegeval het gedurende die huwelik outomaties deel uitmaak van sy of haar boedel (alternatiewelik die gemeenskaplike boedel).¹²⁵ 'n Pensioenbelang is 'n belang wat nog nie die lidgade toegeval het ten tyde van egskeding nie.¹²⁶

Artikel 7(7) en artikel 7(8) van die Wet, wat hier bespreek word, is beide slegs van toepassing op 'n pensioenbelang.¹²⁷ Die oomblik wat die pensioenbelang die lidgade se boedel toeval (met ander woorde uitbetaal) is die bepalings van artikels 7(7) en 7(8) nie meer van toepassing nie.¹²⁸

3.3.2 Artikel 7(8)(a) van die Wet op Egskeiding

Artikel 7(8)(a) van die Wet lees as volg:

“Ondanks die bepalings van enige ander wet of die statute van enige pensioenfonds—

- (a) kan die hof wat 'n egskedingsbevel ten opsigte van 'n lid van so 'n fonds verleen, 'n bevel gee dat-
 - (i) Enige deel van die pensioenbelang van daardie lid wat uit hoofde van subartikel (7) die ander party in die betrokke egskedingsgeding toekom of aan hom toegewys word, deur daardie fonds aan daardie ander party betaal moet word wanneer enige pensioenvoordele ten opsigte van daardie lid toeval;
 - (ii) Die griffier van die betrokke hof onverwyld die betrokke fonds in kennis stel dat 'n aantekening in die rekords van daardie fonds gemaak word dat daarde deel van die betrokke pensioenbelang aldus aan daardie ander party betaalbaar is en dat die administrateur van die pensioenfonds, binne een maand na ontvangs van sodanige

¹²⁴ Art 37D(6) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹²⁵ *De Kock v Jacobson* 1999 (4) SA 346 (W) 350F-G.

¹²⁶ Heaton (2014) 79.

¹²⁷ Heaton (2014) 79.

¹²⁸ *Government Employees Pension Fund v Naidoo and Another* 2006 (6) SA 304 (SCA) 305J – 306B.

kennisgewing, skriftelike bewys van sodanige aantekening aan die griffier lewer."

Dit is belangrik om daarop te let dat die bevoegdheid wat in terme van hierdie subartikel aan die hof verleen word, uitsluitlik in die diskresie van die hof val.¹²⁹

Volgens die woorde "wanneer die pensioenvoordeel die lidgade toeval" in artikel 7(8)(i) van die Wet, kon die nie-lidgade slegs die voordeel wat deur die hof aan hom of haar toegeken is, opeis wanneer die pensioenvoordeel die lidgade toegeval het.¹³⁰ Met ander woorde wanneer die lidgade afgetree het, afgedank is, bedank het of te sterwe gekom het.¹³¹

Die uitgestelde betaling aan die nie-lidgade is onderwerp aan sterk kritiek in die praktyk,¹³² welke besware onder die aandag van die Departement van Justisie gebring is en verwys is na die Suid-Afrikaanse Regskommissie vir oorweging.¹³³ In 1999 het die Kommissie 'n besprekingsdokument gepubliseer waarin daar omvangryk gehandel is met die effek van die uitgestelde betaling soos beoog in artikel 7(8) van die Wet.

Die grootste kritiek volgens die Kommissie teen die uitgestelde betaling in terme van artikel 7(8) van die Wet, was die volgende:

1. Die nie-lidgade moes soms jare wag alvorens sy of hy geregtig geword het op betaling.¹³⁴
2. Die gedeelte toegeken aan die nie-lidgade het staties gebly vanaf datum van egskending tot en met datum van uitbetaling en kon dus nie vermeerder met die verdere bydraes gemaak deur die lidgade tot die fonds nie.¹³⁵

¹²⁹ *JW v SW* 2011 (4) SA 545 (GNP) para 36.

¹³⁰ *Schenk v Schenk* 1993 (2) SA 346 (E) 350D-F.

¹³¹ *Ibid.*

¹³² Sonnekus "Pensioendeling by egskending steeds onbevredigend en verwarrend gereël" 2008 (2) TSAR 290.

¹³³ Suid-Afrikaanse Regskommissie "Sharing of Pension Benefits" Projek 112, Besprekingsdokument 77 (1999) (hierna genoem "SARK 1999-besprekingsdokument") para 1.6.

¹³⁴ *Mashilo v Basil Read Group Provident Fund* 2005 (1) BPLR 51 (PFA) para 15; SARK 1999-verslag para 1.7.

¹³⁵ *Kirchner v Kirchner* 2009 (4) SA 448 (W) para 10.

3. Geen voorsiening is gemaak vir die betaling van rente of inflasie vanaf datum van egskending tot en met datum van uitbetaling aan die nie-lidgade.¹³⁶

Die gevolgtrekking waartoe die Kommissie gekom het, was dat pensioenbelange hanteer moet word in lyn met die skoonbreuk-beginsel.¹³⁷ Die skoonbreuk-beginsel het ten doel om gades wat skei so gou doenlik ekonomies onafhanklik van mekaar te maak na egskending.¹³⁸

Volgens die Kommissie was die grootste voordeel verbonde aan die vervroegde uitbetaling by egskending om 'n skoon-breuk tussen partye te bewerkstellig.¹³⁹ Die Kommissie het egter ook die nadele aan 'n wysiging oorweeg, synde:

1. Die uitgestelde betalingsbeginsel was die grondslag van 'n pensioen, synde om voorsiening te maak vir aftrede.¹⁴⁰
2. Die voorgestelde wysiging sou vereis dat daar 'n waarde geplaas moet word op die pensioenbelang op datum van egskending - 'n aktuariële berekening - wat 'n moontlike uitdaging kon wees.¹⁴¹

3.3.3 Artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956

Die voorstelle van die Suid-Afrikaanse Regskommissie het gelei tot die invoeging van artikel 37D tot die Wet op Pensioenfondse¹⁴² wat in werking getree het op 13 September 2007. Die invoeging van artikel 37D(4)(a)¹⁴³ van die Wet op

¹³⁶ SARK 1999-besprekingsdokument para 1.7.

¹³⁷ In die SARK 1999-besprekingsdokument word die volgende voorstel gemaak deur die Suid-Afrikaanse Regskommissie: "The method of making provision for pension sharing between spouses on their divorce has the advantage that it facilitates a clean break between the spouses. It is also uncomplicated and easy to apply."

¹³⁸ *Botha v Botha* 2009 (3) SA 89 (W); De Jong M "New Trends Regarding the Maintenance of Spouses Upon Divorce" 1999 (62) *THRHR* 15.

¹³⁹ SARK 1999-besprekingsdokument para 2.4.3.

¹⁴⁰ Para 2.5.2.

¹⁴¹ *Ibid.*

¹⁴² 24 van 1956.

¹⁴³ Art 37D(4)(a) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956 lees as volg: "For purposes of section 7(8) of the Divorce Act, 1979 (Act no 70 of 1979), the portion of the pension interest assigned to the non-member spouse in terms of a decree of divorce or decree for the dissolution of a customary marriage is deemed to accrue to the member on the date on which the decree of divorce or decree for the dissolution of a customary marriage is granted..."

Pensioenfondse¹⁴⁴ het tot gevolg dat die datum waarop 'n pensioenbelang 'n lidgade toeval, geag word om te vervroeg na datum van egskeiding. Derhalwe word die datum waarop die gedeelte van die lidgade se pensioenbelang wat aan die die nie-lidgade toegeken is ingevolge artikel 7(8) van die Wet, dienooreenkomstig vervroeg na datum van egskeiding, synde die datum wat verskyn op die egskeidingsbevel.¹⁴⁵ Artikel 37D(4)(b) van die Wet op Pensioenfondse¹⁴⁶ gee aan die nie-lidgade die opsie om die gedeelte wat aan hom/haar toegeken is as 'n kontantbetaling te ontvang alternatiewelik oor te plaas na 'n ander pensioenfonds van die nie-lidgade se keuse.

Die voormelde wetswysiging het dit egter nie duidelik gemaak of die vervroegde betaling terugwerkend gegeld het nie. Pensioenfondsadministrateurs het die opinie gehuldig dat die toevoeging van artikel 37D(1)(d)(i) tot die Wet op Pensioenfondse,¹⁴⁷ nie terugwerkend van krag was nie en derhalwe geweier om betalings te maak ten aansien van nie-lidgades wat geskei is voor die inwerkingtreding van voormelde wetsbepaling.¹⁴⁸ Die Pensioenfondsadministrateurs het geargumenteer dat die terugwerkende effek van artikel 37D(1)(d)(i) van die Wet op Pensioenfondse¹⁴⁹ moontlik 'n effek kan hê op gevestigde regte.¹⁵⁰ In *Cockcroft v Mine Employees Pension Fund*¹⁵¹ het die hof egter bevind dat tot die mate wat die wysiging inmeng met gevestigde regte, dit opgeweeg moet word teen die doel om regsgelykheid te bewerkstellig.¹⁵²

Met die inwerkingtreding van artikel 16(c) van die Wysigingswet op Finansiële Dienste¹⁵³ in 2008 is die onsekerheid uit die weg geruim. Ingevolge hierdie

¹⁴⁴ 24 van 1956.

¹⁴⁵ In *JC Cockcroft v the Mine Employees Pension Fund* PFA/we/11234/06/LS par 19 word die posisie as volg verduidelik: "By deeming the date of accrual of the benefit to be the date of divorce, the new section ... overrides the actual date of the benefit which is determined by the event giving rise to the member's entitlement. The result is that the divorce benefit actually accrues to the non member spouse on the date of divorce (a fixed ascertainable ate without any reference to other documents and no time delay implications), that is without reference to the actual date of accrual of the benefit (invariably a future date at the time of the divorce without significant time dealy implications)."

¹⁴⁶ 24 van 1956

¹⁴⁷ 24 van 1956.

¹⁴⁸ Van Niekerk (1999) 7-9.

¹⁴⁹ 24 van 1956.

¹⁵⁰ *JC Cockcroft v the Mine Employees Pension Fund* PFA/we/11234/06/LS par 25.

¹⁵¹ *JC Cockcroft v the Mine Employees Pension Fund* PFA/we/11234/06/LS.

¹⁵² *JC Cockcroft v the Mine Employees Pension Fund* PFA/we/11234/06/LS par 34-36.

¹⁵³ 22 van 2008.

Wysigingswet word dit nou bepaal dat waar partye geskei is voor 13 September 2007 (en vir doeleindes van artikel 7(8) van die Wet) word dit geag dat die lidgade aftrede bereik het op 13 September 2007. Dus waar 'n egskeidingsbevel toegestaan is voor 13 September 2007 en voormelde egskeidingsbevel maak 'n nie-lidgade geregtig op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenfonds, mag die nie-lidgade sedert 13 September 2007 betaling van voormelde pensioenbelang opeis.¹⁵⁴

Die bepalings van artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse¹⁵⁵ is entoesiasties verwelkom deur veral nie-lidgades, maar is ook gekritiseer. Sonnekus¹⁵⁶ veral kritiseer die vervroegde betaling wat die nie-lidgade toekom op die basis dat die doel van 'n pensioenbelang is om voorsiening te maak vir oudagversorging en dus omseil die bepalings van die huidige wetgewing die uiteindelijke doel van 'n pensioenbelang.¹⁵⁷ Sonnekus argumenteer dat die doel van die Regskommissie met die wetsontwerp juis was om weg te beweeg van 'n voortydige batedeling en dat die bepalings van artikel 37D van die Wet op Pensioenfondse¹⁵⁸ nou presies die omgekeerde bereik.¹⁵⁹ Volgens hierdie skrywer is die opsie wat die nie-lidgade verkry ingevolge artikel 37D(4)(b) van die Wet op Pensioenfondse,¹⁶⁰ om die toegekende gedeelte na 'n ander Pensioenfonds oor te plaas, ook ontoereikend.¹⁶¹ Sonnekus reken dat die nie-lidgade eerder verlei gaan word om die onmiddellike uitbetaling van die toegekende pensioenbelang te kies.¹⁶² Die nadeel van hierdie opsie is dat die kontantwaarde wat uitgekeer word aan die nie-lidgade waarskynlik wesenlik minder is as die objektiewe markwaarde sou die toegekende pensioenbelang steeds deur 'n Pensioenfonds geadministreer word.¹⁶³ Die uiteinde is dat die nie-lidgade wat onmiddellike uitbetaling kies, op die langtermyn minder uitkry as die persentasie wat aan haar toegeken word.¹⁶⁴

¹⁵⁴ Van Niekerk (1999) 7-9.

¹⁵⁵ 24 van 1956.

¹⁵⁶ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

¹⁵⁷ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298 kritiseer die posisie as volg: "Dit sou net solveel meer sin gemaak het indien die wetgewer bepaal het dat die nie-lidgade hoogstens aanspraak het op die aanwys van 'n goedgekeurde fonds waartoe die belang oorgedra moet word. Dan sou daar immers steeds aan die maatskaplike bestemming van die oudagversorging voldoen word."

¹⁵⁸ 24 van 1956.

¹⁵⁹ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

¹⁶⁰ 24 van 1956.

¹⁶¹ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

¹⁶² Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

¹⁶³ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

¹⁶⁴ Sonnekus 2008 (2) *TSAR* 298.

3.4 Ander statutêre wysigings voorspruitend uit artikels 7(7) en 7(8) van die Wet op Egskeiding

Die Wet op Pensioenfondse¹⁶⁵ is nie van toepassing op *die Government Employees Pension Fund* (hierna genoem die "GEPF") en die Poskantoor Uittreefonds nie, aangesien beide voormelde Pensioenfondse statutêre liggame is wat deur die *Government Employees Pension Law*¹⁶⁶ en die Wet op Poskantore¹⁶⁷ onderskeidelik gereguleer word. Die gevolg hiervan was dat lede van voormelde fondse se gades nie kon deel in hul voormalige gade se pensioenbelang op datum van egskeiding nie, selfs na die wysiging van die Wet op Pensioenfondse,¹⁶⁸ desnieteenstaande die feit dat nie-lidgades van ander pensioenfondse wel so 'n remedie tot hul beskikking gehad het.

Die differensiasie tussen lede van verskillende pensioenfondse is oorweeg in die saak van *Wiese v Government Employees Pension Fund*¹⁶⁹ waar die hof bevind het dat die differensiasie neerkom op onbillike diskriminasie en dus ongrondwetlik is. Die hof¹⁷⁰ het die wetgewer beveel om die defek reg te stel en in lyn te bring met die Wet op Pensioenfondse.¹⁷¹ Die wysigings het in werking getree op 14 Desember 2011.¹⁷² Die ongrondwetlikheid van die differensiasie is eers in 2012 deur die Konstitusionele Hof bevestig,¹⁷³ nadat die Wetgewer reeds die differensiasie aangespreek het in die *Government Employees Pension Law Amendment Act*.¹⁷⁴ Gades van die lede van die GEPF en die Poskantoor Uittreefonds¹⁷⁵ is sedertdien geregtig om 'n gedeelte van die lidgade se pensioenfonds te eis op datum van egskeiding.¹⁷⁶

¹⁶⁵ 24 van 1956.

¹⁶⁶ *Government Employees Pension Law* 69 van 1996.

¹⁶⁷ 44 van 1958.

¹⁶⁸ 24 van 1956.

¹⁶⁹ *Wiese v Government Employees Pension Fund* 2011 (4) SA 280 (WCC) para 45.

¹⁷⁰ *Ibid.*

¹⁷¹ 24 van 1956.

¹⁷² *Government Employees Pension Law Amendment Act* 19 van 2011.

¹⁷³ *Wiese v Government Employees Pension Fund* 2012 (6) BCLR 599 (CC) para 21.

¹⁷⁴ Art 24A van die *Government Employees Pension Law Amendment Act* 19 van 2011.

¹⁷⁵ Art 10F van Wet op Poskantore 44 van 1958; *Ngewu & Another v Post Office Retirement Fund and Others* 2013 (4) BCLR 421 (CC) para 21.

¹⁷⁶ Art 24A van die *Government Employees Pension Law Amendment Act* 19 van 2011.

3.5 Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse reg is oor die afgelope paar jaar wesenlik uitgebrei om voorsiening te maak vir 'n nie-lidgade om 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang by egskeiding te eis. Nie net word 'n pensioenbelang nou as 'n bate geag¹⁷⁷ vir doeleindes van die verdeling van bates by egskeiding nie, maar verder is daar ook voorsiening gemaak dat indien die hof 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet maak, die datum waarop die nie-lidgade se gedeelte van die lidgade se pensioenbelang die nie-lidgade toeval, vervroeg word na datum van egskeiding.¹⁷⁸ Hierdie benadering is nie net in ooreenstemming met die skoonbreuk-beginsel nie, maar is ook in lyn met die benadering gevolg in ander jurisdiksies insluitende Engeland, Skotland, die Verenigde State van Amerika, Nieu-Seeland, Nederland, Duitsland, Switserland en Kanada.¹⁷⁹

Aangesien nie-lidgades dikwels eers bewus raak van hul reg op die lidgade se pensioenbelang na egskeiding, kan dit gebeur dat die egskeidingsbevel geen melding maak van die pensioenbelang.

In die volgende hoofstuk sal daar gefokus word op die wyse waarop die hof 'n situasie hanteer waar die egskeidingsbevel nie melding maak van pensioenbelange nie en, meer spesifiek, die moontlikheid vir die nie-lidgade om steeds aanspraak te maak op die pensioenbelang van die lidgade in sulke gevalle.

¹⁷⁷ Art 7(7)(a) van die Wet.

¹⁷⁸ Art 37D(1)(d)(i) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁷⁹ SARK 1986-verslag para 6.2.

HOOFSTUK 4: VERDELING VAN PENSIOENBELANGE BY EGSKEIDING

4.1 Inleiding

Artikels 7(7) en 7(8) van die Wet bevat nie uitdruklike bepalings oor die hantering van pensioenbelange na datum van egskeiding nie. Die afwesigheid van so 'n statutêre bepaling het daartoe gelei dat verskillende howe genader is om die bestaande statutêre bepalings te interpreteer. Die uitsprake gegee deur die Hoë Howe in dié verband is teenstrydig. Die Hoogste Hof van Appèl het egter in 2016 grotendeels die onsekerhede uit die weg geruim. In hierdie hoofstuk sal die nie-lidgade se aanspraak op die lidgade se pensioenbelang bespreek word. In hierdie verband sal daar onderskei word tussen gevalle waar daar wel voorsiening gemaak word in die egskeidingsbevel vir so 'n eis, asook die baie meer problematiese gevalle waar daar geen sodanige voorsiening gemaak is nie. In laasgenoemde geval sal daar dan grootliks gefokus word op die teenstrydige uitsprake van die Hoë Howe sowel as die mees onlangse uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl.

4.2 Verdeling van pensioenbelange onder aanwysing in egskeidingsbevel

Waar daar spesifiek voorsiening gemaak is in die egskeidingsbevel vir die nie-lidgade se aanspraak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang deur 'n uitdruklike aanwysing ingevolge artikel 7(8) van die Wet, sal die nie-lidgade se reg onaanvegbaar wees, aangesien artikel 7(8) van die Wet 'n spesifieke prosedure uiteensit ingevolge waarvan die nie-lidgade sy of haar reg kan afdwing teenoor die lidgade se pensioenfonds. Volgens artikel 7(8) van die Wet verkry die nie-lidgade in so geval 'n reg om sy/haar gedeelte direk van die pensioenfonds op te eis.¹⁸⁰ Wanneer partye 'n skikkingsakte onderteken wat ingelyf word by die egskeidingsbevel, verkry die terme van daardie skikkingsakte dieselfde effek as die van 'n siviele vonnis en kan partye dus die terme van die skikkingsakte op dieselfde

¹⁸⁰ Art 7(8) van die Wet.

wyse afdwing.¹⁸¹ Derhalwe wanneer daar verwys word na 'n bevel in hierdie skripsie, sluit dit ook gevalle in waar 'n skikkingsakte ingelyf word by 'n egskeidingsbevel.

Artikel 37D(4)(a) van die Wet op Pensioenfondse¹⁸² bepaal dat die egskeidingsbevel na die spesifieke pensioenfonds waar die lidgade se pensioenbelang gehou word moet verwys,¹⁸³ asook die gedeelte wat toegeken of betaalbaar is aan die nie-lidgade.¹⁸⁴ Met verwysing na laasgenoemde vereiste is Van Niekerk van mening dat die bevel na 'n spesifieke persentasie van die pensioenbelang moet verwys, alternatiewelik 'n spesifieke bedrag wat aan die nie-lidgade betaal moet word.¹⁸⁵

Ingevolge artikel 37D(4)(b)(i) van die Wet op Pensioenfondse¹⁸⁶ moet 'n fonds binne 45 (vyf en veertig) dae vanaf die ontvangs van die hofbevel, die nie-lidgade 'n keuse gee om direk betaling te ontvang ingevolge die hofbevel, alternatiewelik om sy of haar gedeelte oor te dra na 'n ander pensioenfonds.¹⁸⁷ Ingevolge artikel 37D(4)(b)(ii) van die Wet op Pensioenfondse¹⁸⁸ het die nie-lidgade 120 (een honderd en twintig) dae om voormelde keuse (soos uiteengesit in artikel 37D(4)(b)(i) van die Wet op Pensioenfondse) uit te oefen.¹⁸⁹ Ingevolge artikel 37D(4)(b)(iii) van die Wet op Pensioenfondse het die pensioenfonds 60 (sestig) dae nadat die nie-lidgade die keuse uitgeoefen het, om dienooreenkomstig betaling te maak.¹⁹⁰ Die bedrag van 'n gade se pensioenbelang word verminder met enige bedrag wat alreeds uit hoofde van 'n vorige egskeidingsbevel betaalbaar is.¹⁹¹ Dus, indien 'n persoon vir 'n tweede keer skei, sal die bedrag van sy pensioenbelang wat geag word deel te vorm van sy boedel, verminder word met enige bedrag wat reeds betaal of toegeken is aan sy eerste gade uit hoofde van 'n vorige egskeidingsbevel.¹⁹²

¹⁸¹ Van Niekerk (1999) 7-10.

¹⁸² 24 van 1956.

¹⁸³ Art 37D(4)(A)(i)(aa) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁸⁴ Art 37D(4)(A)(i)(bb) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁸⁵ *Ibid.*

¹⁸⁶ 24 van 1956.

¹⁸⁷ Art 37D(4)(b)(i) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁸⁸ 24 van 1956.

¹⁸⁹ Art 37D(4)(b)(ii) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁹⁰ Art 37D(4)(b)(iii) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁹¹ Art 7(7)(b) van die Wet.

¹⁹² Heaton (2014) 77.

Die nie-lidgade aan wie 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang toegeken is, word nie die eienaar van die gedeelte wat nog nie die lidgade toegeval het nie.¹⁹³ Die nie-lidgade word ook nie 'n lid of begunstigde van die lidgade se pensioenfonds nie.¹⁹⁴ Dus, die nie-lidgade kan nie enige regte uitoefen wat tipies die lidgade sou toeval nie.¹⁹⁵ 'n Goeie voorbeeld van hierdie beginsel word gevind in die saak van *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Bpk v Swemmer*¹⁹⁶ waar die hof beslis het dat die nie-lidgade nie die opsie namens die lidgade kon uitoefen om die datum waarop die belang die lidgade toeval te vervroeg nie.¹⁹⁷

Ingevolge artikel 2 van die Tweede Skedule van die Wet op Inkomstebelasting¹⁹⁸ word die gedeelte van die lidgade se pensioenbelang wat aan die nie-lidgade uitbetaal uit hoofde van die egskedingsbevel, in die hande van die nie-lidgade belas. Die bedrag van die pensioenbelang wat aan die nie-lidgade uitbetaal word by sy/haar bruto inkomste bygetel vir belastingdoeleindes.¹⁹⁹ Die bedrag word nie belas ingevolge die normale glyskale van inkomstebelasting nie, maar eerder ingevolge spesiale gepromulgeerde belasting-glyskale vir lomsom onttrekkings.²⁰⁰

4.3 Verdeling van pensioenbelang sonder aanwysing in egskedingsbevel

Waar geen uitdruklike aanwysing vir die verdeling van die lidgade se pensioenbelang ingevolge artikel 7(8) gemaak is nie, was die regte van die lidgade tot onlangs onseker. Die sake waarin die nie-lidgade aanspraak gemaak het op die lidgade se pensioenbelang na egskeding het die relevante bepalinge van die Wet

¹⁹³ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 23.

¹⁹⁴ Art 37D(4)(c)(i) van die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956.

¹⁹⁵ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 23.

¹⁹⁶ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA).

¹⁹⁷ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 23.

¹⁹⁸ 58 van 1962.

¹⁹⁹ Art 2 van die Tweede Skedule van die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 bepaal die volgende: "(1) Subject to the provisions of section 9(1)(g), and paragraphs 2A and 2C, the amount to be included in the gross income of any person in terms of paragraph (e) of the definition of gross income shall be – (a) any amount received by or accrued to that person by way of a lump sum benefit derived in consequence of or following upon – (1A) assigned in terms of a divorce order or or after 1 September 2007 under section 7(8)(a) of the Divorce Act, 1979, to the extent that the amount so assigned – (aa) constitutes a part of a pension interest, as defined in section 1 of the Divorce Act, 1979, of a member of a pension fund, pension preservation fund, provident fund, providen preservation fund or retirement annuity fund; (bb) is due and payable on or after 1 March 2012 to a person who is the former spouse of that member by that pension fund, pension preservation fund, provident fund, providen preservation fund or retirement annuity fund."

²⁰⁰ SAID Begroting 2017 Belasting-gids, 2.

verskillend geïntepreter. Hierdie uitsprake kan vir praktiese doeleindes in 3 (drie) kategorieë opgedeel word, naamlik:

1. Sake waarin die aanspraak van die nie-lidgade ontken is;
2. Sake waarin die aanspraak van die nie-lidgade erken is; en
3. Sake waarin die aanspraak van die nie-lidgade met voorbehoud erken is.

Elkeen van hierdie kategorieë sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

4.3.1 Ontkenning van eis na datum van egskeiding

Die eerste gerapporteerde beslissing in die verband was die saak van *Sempapalele v Sempapalele*.²⁰¹ In hierdie saak was die partye binne gemeenskap van goed getroud.²⁰² Die partye is in 1998, by wyse van 'n skikkingsakte wat ingelyf is by die egskeidingsbevel, geskei.²⁰³ Die skikkingsakte het 'n algemene direksie vir die verdeling van die gemeenskaplike boedel bevat waarvolgens elke gade geregtig was op 50% van die gemeenskaplike boedel.²⁰⁴ Gedurende Oktober 1999 (en voor die verdeling van die gemeenskaplike boedel) het Mevrou Sempapalele 'n bankstaat van Meneer Sempapalele ontdek waaruit dit geblyk het dat Meneer Sempapalele 'n pensioenvoordeel ter waarde van R 528 324.94 ontvang het.²⁰⁵

Mevrou Sempapalele het aangevoer dat Meneer Sempapalele se pensioenbelang ingevolge artikel 7(7) van die Wet deel uitgemaak het van die gemeenskaplike boedel op datum van egskeiding en derhalwe dat sy op die helfte daarvan geregtig was.²⁰⁶ In '*nobiter dictum*' bevind die hof dat 'n pensioenbelang nie onder normale omstandighede deel vorm van die gemeenskaplike boedel nie, maar vir doeleindes

²⁰¹ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O).

²⁰² *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) para 1.

²⁰³ *Ibid.*

²⁰⁴ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) para 2.

²⁰⁵ Para 5.

²⁰⁶ In *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) para 7 formuleer die hof die regsvraag as volg: "This argument raised the legal question of whether the respondent's pension interest was at the time of the dissolution of the marriage part of the joint estate so that it automatically fell within the terms of the blanket order for the division, or whether the applicant needed to obtain a court order awarding her a share of such interest in terms of section 7 of the Divorce Act."

van egskeiding moet die pensioenbelang ingevolge artikel 7(7) van die Wet as 'n bate van die gemeenskaplike boedel geag word.²⁰⁷

Die hof is gekonfronteer met die vraag of die bepalings van artikel 7 van die Wet toegepas kon word nadat die egskeidingsbevel reeds toegestaan is, maar waar geen so bevel tydens egskeiding gemaak is nie.²⁰⁸ In die verband tref die hof 'n analogie tussen artikel 7(8) van die Wet en 'n gade se onderhoudseis soos uitgeengesit in artikel 7(1) en 7(2) van die Wet.²⁰⁹ Artikel 7(1) van die Wet bepaal dat die hof wat die egskeiding verleen in ooreenstemming met 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, 'n bevel mag toestaan wat handel met die verdeling van bates of die toestaan van onderhoud. Artikel 7(2) bepaal dat in die afwesigheid van 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, die hof wat die egskeiding toestaan 'n bedrag onderhoud ten gunste van die een party mag toestaan. Die hof verwys na die saak van *Schutte v Shutte*²¹⁰ waar bevind is dat 'n gade wat onderhoud eis, 'n onderhoudsbevel moet bekom tydens egskeiding.²¹¹ Die onderhoudsbehoefte gade kan nie na die toestaan van die egskeiding op onderhoud vanaf die ander gade aanspraak maak nie.²¹² Die rede daarvoor is te vinde in die bewoording van artikels 7(1) en 7(2) van die Wet wat beide bepaal dat slegs die hof wat die egskeiding toestaan so 'n bevel mag verleen.²¹³ Soortgelyk aan die posisie met 'n onderhoudseis, word bevind dat 'n nie-lidgade wat aanspraak maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang, ook 'n bevoegde hofbevel tot dien effek tydens egskeiding moet bekom.²¹⁴ Ter staving van hierdie punt verwys die hof na die bewoording van artikel 7(a) van die Wet (saamgelees met die definisie van 'n egskeidingsaksie) wat as volg daaruitsien:

“In the determination of the patrimonial benefits to which the parties to any

²⁰⁷ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 311A.

²⁰⁸ 311B.

²⁰⁹ 312D-E.

²¹⁰ *Schutte vs Schutte* 1986 (1) SA 872 (HHA) para 4.

²¹¹ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312E.

²¹² 312D.

²¹³ Arts 7(1) en 7(2) van die Wet.

²¹⁴ In *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312D maak die hof die volgende bevinding: “Similarly, a spouse seeking a share in the pension interest of the other spouse must apply for and obtain an appropriate Court order during the divorce proceedings.”

divorce action²¹⁵ may be entitled...”

Die hof interpreteer die definisie van 'n egskeidingsaksie om te beteken dat dit 'n hangende egskeidingsaksie moet wees.²¹⁶ Die hof steun hierdie interpretasie deur aan te voer dat die aanverwante regshulp uiteengesit in artikel 7 van die Wet, slegs by egskeiding verleen kan word.²¹⁷ Die hof bevind dat as gevolg van die feit dat Mevrouw Sempapalele nie 'n bevel ingevolge artikel 7 van die Wet tydens die egskeidingsaksie bekom het nie, sy nie geregtig is op so 'n bevel na egskeiding nie en haar aansoek word derhalwe van die hand gewys.²¹⁸

Volgens die bevinding in die *Sempapalele*-saak kon 'n nie-lidgade dus nie na egskeiding 'n bevel verkry wat hom/haar geregtig maak om te deel in die lidgade se pensioenbelang nie. Van Schalkwyk²¹⁹ kritiseer die bevinding op 3 (drie) gronde:

1. 'n Pensioenbelang word ingevolge artikel 7(7) van die Wet as 'n bate geag.²²⁰ Dus sluit 'n blanko bateverdelingsooreenkom/s/bevel gemaak tydens egskeiding outomaties ook die pensioenbelang van die lidgade in. Artikel 7(7) van die Wet maak nie voorsiening vir 'n hofbevel ten aansien van 'n pensioenbelang nie, maar skep alleenlik 'n fiksie dat die belang as 'n bate geag word. Artikel 7(8)(a) van die Wet aan die anderkant, verleen wel aan die hof 'n diskresie om 'n bevel ten aansien van 'n lidgade se pensioenbelang te maak. Van Schalkwyk is van mening dat die hof nie die bepalings van artikel 7(8)(a) van die Wet in ag geneem het toe die bevinding gemaak is nie.²²¹

²¹⁵ “Egskeidingsgeding” word as volg in art 1 van die Wet gedefinieer: “'n geding waarby 'n egskeidingsbevel of ander regshulp wat daarmee in verband staan, aangevra word, en ook – (a) 'n aansoek *pendente lite* om 'n interdik of om die tussentydse bewaring van of toegang tot 'n minderjarige kind uit die betrokke huwelik of om die betaling van onderhou; of (b) 'n aansoek vir 'n bydrae tot die kostes van so 'n aksie of om so 'n aksie te kan instel, of vir die bring van 'n aansoek, *in forma pauperis*, vir vervangende betekenis van die proses in, of die ediktale situasie van 'n party, tot so 'n aksie of aansoek.”

²¹⁶ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312E.

²¹⁷ In *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312E steun die hof die interpretasie as volg: “This conclusion is supported by the other provisions of the section in terms of which the various orders provided for must be applied for and granted by the Court hearing the divorce case.”

²¹⁸ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312G.

²¹⁹ LN Van Schalkwyk “*Sempapalele v Sempapalele* 2001 2 SA 306 (O)” 2002 (2) *De Jure* 170.

²²⁰ Van Schalkwyk 2002 (2) *De Jure* 170.

²²¹ *Ibid.*

2. Die hof steun, verder, op die analogie tussen 'n eis tot 'n pensioenbelang van 'n lidgade en 'n onderhoudseis, wat op datum van egkeiding toegestaan word.²²² Volgens van Schalkwyk²²³ is hierdie analogie wat die hof tref aanvegbaar.²²⁴ Hy argumenteer dat artikels 7(1) en 7(2) van die Wet aan die hof 'n diskresie verleen om 'n eis vir onderhoud toe te staan of van die hand te wys.²²⁵ Daarteenoor verleen artikel 7(7) van die Wet nie aan die hof 'n diskresie nie. Volgens hom word die pensioenbelang statutêr deel van die bates van die lidgade en het die hof dus geen diskresie om sodanige eis af te keur nie.²²⁶
3. Volgens van Schalkwyk impliseer die bevinding²²⁷ van Regter Musi in die *Sempapalele*-saak dat daar 'n verskil is tussen 'n pensioenbelang as 'n bate en ander bates.²²⁸ Dit beteken dat as 'n pensioenbelang nie tydens die egskedingsgeding in die egskedingsbevel opgeneem is nie, dit nie na die egskeding as 'n bate kan kwalifiseer nie.²²⁹ Van Schalkwyk bevraagteken hierdie onderskeid²³⁰ en hy is van mening dat die doel van artikel 7(7)(a) van die Wet eerder is om die pensioenbelang as 'n bate te laat kwalifiseer – al is dit ook 'n fiktiewe bate.²³¹

In *YG v Executor, Estate Late CGM*²³² stem die hof saam met die redes aangevoer in die *Sempapalele*-saak.²³³ Regter Gangen is van mening dat die regshulp uiteengesit in artikel 7 (asook die subartikels) van die Wet slegs toegestaan kan word deur die hof wat die egskedingsbevel maak.²³⁴

²²² *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312D.

²²³ LN Van Schalkwyk "Wanneer vind artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979, toepassing" 2013 (3) *De Jure* 849.

²²⁴ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 850.

²²⁵ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 851.

²²⁶ *Ibid.*

²²⁷ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) 312E: "Similarly, a spouse seeking a share in the pension interest of the other spouse must apply for and obtain an appropriate Court order during the divorce proceedings".

²²⁸ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 851.

²²⁹ *Ibid.*

²³⁰ *Ibid.*

²³¹ *Ibid.*

²³² *YG v Executor, Estate Late CGM* 2013 (4) SA 387 (WCC).

²³³ *YG v Executor, Estate Late CGM* 2013 (4) SA 387 (WCC) para 15.

²³⁴ In *YG v Executor, Estate Late CGM* 2013 (4) SA 387 (WCC) para 17 maak die hof die volgende bevinding: "It is accordingly evident that only a court granting a divorce order may grant the ancillary relief."

Die uitspraak in *YG v Executor, Estate Late CGM*²³⁵ kan egter op dieselfde gronde soos deur Van Schalkwyk aangevoer, gekritiseer word.

4.3.2 Erkenning van eis na datum van egskeiding

In die saak van *Maharaj v Maharaj*,²³⁶ beslis in 2002, word die hof gekonfronteer met 'n stel soortgelyke feite as in die *Sempapalele*-saak, maar kom die hof tot 'n ander bevinding.²³⁷ Die hof verwys na die bepalings van artikel 7(7)(a) van die Wet en bevind dat waar die gemeenskaplike boedel van gades nog nie verdeel is nie, dit geoorloof is om die pensioenbelang as 'n gemeenskaplike bate in ag te neem vir doeleindes van die verdeling van die boedel, aangesien die pensioenbelang statutêr as 'n bate geag moet word.²³⁸ Ter ondersteuning van die bevinding voorsien Regter Magid die volgende verduideliking:

“That section [artikel 7(7)] was presumably inserted in the Act in order to rectify what may have been regarded as an injustice to the spouse who did not have the pension interest. It states quite unequivocally that a pension interest is deemed to be part of the assets of a party ‘in determination of the patrimonial benefits to which the parties to a divorce action may be entitled.’ The phrase ‘patrimonial benefits’ is not qualified by reference to the other subsections of section 7 of the Act. It applies in my judgment, with equal force to a marriage in community of property.”²³⁹

Die hof bevind dus dat artikel 7(7) van die Wet 'n pensioenbelang as 'n bate ag vir doeleindes van verdeling van die gemeenskaplike boedel en as gevolg van die feit dat die partye se boedel nog nie verdeel was nie,²⁴⁰ hoort die pensioenbelang in ag geneem te word vir verdeling van die partye se gemeenskaplike boedel. Die aansoek word toegestaan.²⁴¹ Die bevinding in die *Maharaj*-saak word algemeen as

²³⁵ *YG v Executor, Estate Late CGM* 2013 (4) SA 387 (WCC).

²³⁶ *Maharaj v Maharaj* 2002 (2) SA 648 (D).

²³⁷ In *Maharaj v Maharaj* 2002 (2) SA 648 (D) 651A maak Regter Magid die volgende gevolgtrekking: “But if the learned Judge intended to hold that, if there is no reference to a spouse’s pension benefit or interest in a divorce order the other party to a marriage in community of property is forever precluded from claiming to be entitled, as his or her share of the joint estate to half – share thereof, I am, with respect, unable to agree with that view.”

²³⁸ *Maharaj v Maharaj* 2002 (2) SA 648 (D) 651F.

²³⁹ 651B-E.

²⁴⁰ 652A-B.

²⁴¹ 652G-I.

korrek aanvaar.²⁴² Dit is belangrik om daarop te let dat in beide die *Sempapalele*-saak sowel as die *Maharaj*-saak, die gemeenskaplike boedel van die gades nog nie verdeel was op die stadium wat die hof genader is nie.

4.3.3 Voorbehoud tot erkenning van eis na datum van egskeiding

In *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund*²⁴³ is die partye in 1992 geskei.²⁴⁴ 'n Bevel vir die verdeling van die gemeenskaplike boedel is tydens egskeiding toegestaan.²⁴⁵ Ten tye van die toestaan van die egskeidingsbevel is geen bevel ten aansien van Meneer Fritz se pensioenbelang en die verdeling daarvan gemaak nie.²⁴⁶ In 2009 kom Meneer Fritz te sterwe en Mevrouw Fritz nader die hof vir die verkryging van 'n verklarende bevel wat haar geregtig maak op 50% van Meneer Fritz se pensioenbelang soos bepaal op datum van egskeiding.²⁴⁷

Regter Goosen verwys na beide die bevindinge in die *Sempapalele*-saak en die *Maharaj*-saak, maar steun die bevinding in die *Maharaj*-saak.²⁴⁸ Die hof wys daarop dat anders as in in die *Maharaj*-saak is die gemeenskaplike boedel van die partye reeds verdeel op die datum wat die aansoek geloods word.²⁴⁹ Dus in die *Maharaj*-saak moes die vasstelling van die omvang van die gemeenskaplike boedel en die verdeling daarvan nog plaasvind, hetsy by wyse van 'n ooreenkoms tussen die partye of alternatiewelik by wyse van die aanstel van 'n likwidateur.²⁵⁰ Die hof is van mening dat in gevalle waar die gemeenskaplike boedel van die partye nog nie verdeel is nie, kan 'n ander hof nog 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet toestaan.²⁵¹

²⁴² *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA492 (OKP) para 24; *Macallister v Macallister* (2013) JOL 30404 (KZD); *Kotze v Kotze* JOL 30037 (WCC) para 32; *Motsetse v Motsetse* 2015 (2) All SA 495 (FB) para 18. Sien ook Louw & Van Schalkwyk (2017) 170.

²⁴³ *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (OKP).

²⁴⁴ *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (OKP) para 1.

²⁴⁵ *Ibid.*

²⁴⁶ Para 2.

²⁴⁷ Para 4.

²⁴⁸ Para 24.

²⁴⁹ Para 21.

²⁵⁰ Para 21.

²⁵¹ In *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (OKP) para 23 maak die hof die volgende bevinding: "The definition of "divorce action" which refers to an action by which a decree of divorce or other relief in connection therewith is applied for, is broad enough to cover proceedings whereby the court exercises its supervisory jurisdiction in relation to the division of a joint estate in the absence of agreement between the parties."

Die gemeenskaplike boedel van die partye was egter alreeds verdeel toe Mevrouw Fritz die hof genader het.²⁵² Derhalwe bevind die hof dat dit verkeerd sou wees om 'n bevel te maak ingevolge waarvan Meneer Fritz se pensioenbelang as 'n bate van die gemeenskaplike boedel geag word.²⁵³

Van Schalkwyk²⁵⁴ kritiseer ook die bevinding in the *Fritz*-saak as dit die aanwending van artikel 7(7) van die Wet onmoontlik maak nadat die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is.²⁵⁵ Hy vergelyk die situasie met 'n situasie waar 'n skuldvordering van die gemeenskaplike boedel aan 'n termyn gekoppel is.²⁵⁶ As sodanig bevestigte hy of die skuldinvordering dan nie ook as 'n bate geag kan word, indien die huwelik voor die termynvervulling ontbind word nie?²⁵⁷ Volgens Van Schalkwyk is die regsposisie tog dat die skuldvordering 'n bate van die gemeenskaplike boedel bly, desnieteenstaande die ontbinding van die huwelik en die verdeling van die boedel.²⁵⁸ Beide gades behoort derhalwe na sy mening 'n halwe aandeel in die opbrengs van die skuldvordering en derhalwe ook die pensioenbelang te behou.²⁵⁹

In *Kotze v Kotze*²⁶⁰ was die partye binne gemeenskap van goed getroud en is hul in 2005 geskei.²⁶¹ In 2012 en na die verdeling van die eertydse gemeenskaplike boedel, ontdek Mevrouw Kotze dat Meneer Kotze se pensioenbelang aan hom uitbetaal is.²⁶² Mevrouw Kotze nader die hof ten einde 'n bevel te bekom ingevolge waarvan 50% van Meneer Kotze se pensioenbelang aan haar toegewys en uitbetaal moet word.²⁶³ Mevrouw Kotze se eis word in die hof *a quo* afgewys as gevolg van die

²⁵² *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (OKP) para 27.

²⁵³ In *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (OKP) para 27 staaf die hof die bevinding as volg: "Where there is no longer a joint estate to be divided an order the effect of which is to 'deem' a pension interest to be part of the joint estate is not competent."

²⁵⁴ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 855.

²⁵⁵ *Ibid.*

²⁵⁶ *Ibid.*

²⁵⁷ *Ibid.*

²⁵⁸ *Ibid.*

²⁵⁹ *Ibid.*

²⁶⁰ *Kotze v Kotze* 2013 JOL 30037 (WCC).

²⁶¹ *Kotze v Kotze* 2013 JOL 30037 (WCC) para 1.

²⁶² *Ibid.*

²⁶³ *Ibid.*

ontstaan van 'n feitedispuut op die stukke.²⁶⁴ Op appèl na die volbank van die Wes-Kaap Hoë Hof bevind die hof dat ten spyte van die feit dat die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is, Mevrouw Kotze steeds geregtig is op 'n gedeelte van Meneer Kotze se pensioenbelang.²⁶⁵ Die aandeel waarop Mevrouw Kotze geregtig was, moes volgens die hof ingevolge artikel 7(7)(a) van die Wet bepaal word, soos op datum van egskeiding.²⁶⁶

Die volbank beslissing in die *Kotze*-saak word op verskeie fronte deur Davey gekritiseer.²⁶⁷ Davey meen dat alhoewel 'n pensioenbelang as 'n bate van die gemeenskaplike boedel geag word, die nie-lidgade slegs geregtig is op 'n gedeelte daarvan indien die hof wat die egskeidingsbevel maak, so 'n bevel verleen ingevolge artikel 7(8) van die Wet. Davey voer verder aan dat, in die afwesigheid van 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet, die nie-lidgade sy of haar reg om aanspraak te maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang geheel en al verbeur.²⁶⁸ Die Hoogste Hof van Appèl in die *GN*-saak verskil van Davey en kritiseer ook die *Kotze*-saak op ander gronde, soos in die volgende paragraaf bespreek sal word.

4.4 *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)*

Die onsekerheid rondom die nie-lidgade se aanspraak op die lidgade se pensioenbelang waar geen bevel tydens egskeiding gemaak is nie, is tot 'n groot mate deur die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl in die *GN*-saak opgeklar.

Die partye in hierdie saak was binne gemeenskap van goed getroud en is op 25 Mei 2012 geskei met 'n skikkingsakte wat by die egskeidingsbevel ingelyf is.²⁶⁹ Die skikkingsakte het *inter alia*, voorsiening gemaak vir verdeling van die

²⁶⁴ *Ibid.*

²⁶⁵ *Kotze v Kotze 2013 JOL 30037 (WCC) para 32.*

²⁶⁶ In *Kotze v Kotze 2013 JOL 30037 (WCC) para 32* maak die hof die volgende bevinding: "I am of the view that where parties who were married to each other in community of property in subsequent divorce proceedings do not deal with a pension or provident fund interest which either or both of them may have had in separate pension or provident funds either by way of settlement agreement or by an order of forfeiture, each of them nonetheless remain entitled to a share in the pension or provident fund to which the other spouse belonged to and such share is to be determined as at date of divorce by virtue of the provisions of section 7(7)(a) of the Divorce Act 70 of 1979."

²⁶⁷ J Davey "K v K and Another – A critique" September 2013 *De Rebus* 26.

²⁶⁸ *Ibid.*

²⁶⁹ *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 2.*

gemeenskaplike boedel.²⁷⁰ Op 26 April 2013 loods Mevrouw Ndaba (hierna genoem “die appellant”) ‘n aansoek in die Pretoria Hoë Hof waar sy, onder andere, vra vir ‘n verklarende bevel dat beide partye geregtig is op 50% van die ander se pensioenbelang.²⁷¹ Mnr Ndaba (hierna genoem “die respondent”) het die aansoek geopponeer op die volgende 3 (drie) gronde:

1. Die appellant het afstand gedoen van haar reg om aanspraak te maak op die respondent se pensioenbelang deurdat so ‘n bevel nie verlang is in die appellant se oorspronklike besonderhede van vordering nie;²⁷²
2. Die pensioenbelang van beide die partye is in hul skikkingsakte aangespreek nie;²⁷³
3. Die hof wat die egskedingsbevel toegestaan het, het nie ‘n bevel gemaak ingevolge waarvan die pensioenbelang geag word ‘n bate te wees van die gemeenskaplike boedel, soos beoog in artikels 7(7) en 7(8) van die Wet nie.²⁷⁴

Nadat die hof *a quo* die teenstrydige vorige uitsprake²⁷⁵ oorweeg het,²⁷⁶ bevind die hof dat ‘n bevel ingevolge artikels 7(7) en 7(8) slegs verleen kan word deur die hof wat die egskeding toestaan.²⁷⁷ Die gevolgtrekking waartoe die hof kom is dat, in die afwesigheid van ‘n hofbevel wat bepaal dat die pensioenbelang van die lidgade deel vorm van die gemeenskaplike boedel, die pensioenbelang nie deel van die gemeenskaplike boedel uitmaak nie.²⁷⁸

Die saak word op appèl geneem na die Hoogste Hof van Appèl. Die hof is gekonfronteer met die vraag of ‘n nie-lidgade geregtig is op ‘n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang onder omstandighede waar geen so bevel tydens

²⁷⁰ *Ibid.*

²⁷¹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 3.

²⁷² Para 5.

²⁷³ *Ibid.*

²⁷⁴ *Ibid.*

²⁷⁵ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O); *YG v Executor, Estate Late CGM* 2013 (4) SA 387 (WCC); *Maharaj v Maharaj* 2002 (2) SA 648 (D); *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund* 2013 (4) SA 492 (ECP).

²⁷⁶ *N v N* (ongerapporteerde saak) 39356/2013 (GSJ) 11 Februarie 2015 paras 28-51.

²⁷⁷ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 6.

²⁷⁸ *Ibid.*

egskeiding gemaak is nie.²⁷⁹ Die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl is verdeeld soos meer volledig hieronder uiteengesit sal word.

4.4.1 Meerderheidsuitspraak

Die meerderheidsuitspraak per Regter Petse word gesteun deur Regters Mpati en Swain onderskeidelik. Die meerderheid bevind dat ten spyte van die persepsies wat deur die vorige teenstrydige uitsprake geskep word, die bewoording van artikel 7(7)(a) van die Wet heeltemal duidelik en ondubbelsinnig is.²⁸⁰ Volgens hierdie artikel blyk dit dat die pensioenbelang van die lidgade in die gemeenskaplike boedel vestig ten einde die vermoënsregtelike voordele waarop die partye geregtig is op datum van eg skeiding, te bepaal.²⁸¹ Die keuse van die wetgewer se woorde in artikel 7(7)(a) van die Wet, synde “sal” en “geag” dui volgens die hof op die gebiedende aard van die statutêre bepaling.²⁸² Verder skeep artikel 7(7)(a) van die Wet ‘n fiksie dat die pensioenbelang van die lidgade ‘n integrale deel vorm van die gemeenskaplike boedel wat op eg skeiding tussen die partye verdeel moet word.²⁸³ Die hof verwys met goedkeuring²⁸⁴ na Van Niekerk se siening dat die waarde van die lidgade se pensioenbelang bygevoeg word by die waarde van die ander bates wat die gemeenskaplike boedel toeval, ten einde die gemeenskaplike boedel te verdeel.²⁸⁵

Soos Van Niekerk,²⁸⁶ meen die hof dat artikel 7(8) van die Wet slegs ‘n meganisme skeep ingevolge waarvan die pensioenfonds van die lidgade statutêr verplig kan word om ‘n betaling aan die nie-lidgade te maak.²⁸⁷ Waar die hof so ‘n bevel maak hoef die nie-lidgade dus nie spreekwoordelik in die oë van die lidgade te kyk vir betaling nie.²⁸⁸ Die hof verwys na die saak van *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v*

²⁷⁹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 11.

²⁸⁰ Para 26.

²⁸¹ *Ibid.*

²⁸² *Ibid.*

²⁸³ *Ibid.*

²⁸⁴ *Ibid.*

²⁸⁵ In Van Niekerk (1999) para 7.2.4.1 word die posisie as volg uiteengesit: “Where the parties are married in community of property, the value of the pension interest is added to the value of the other assets that fall in the joint estate for purposes of the division of the estate.”

²⁸⁶ *Ibid.*

²⁸⁷ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 27.

²⁸⁸ *Ibid.*

*Swemmer*²⁸⁹ wat die regsposisie ten aansien van artikel 7(8) van die Wet na die hof se mening korrek uiteensit.²⁹⁰ Die hof bevind derhalwe dat daar geen meriete is in die argument dat die nie-lidgade noodwendig onder alle omstandighede 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet op egskeiding moet bekom nie.²⁹¹

Die hof verwerp die argument dat 'n bevel ingevolge artikel 7(7) en 7(8) van die Wet slegs deur die hof wat die egskeiding toestaan gemaak kan word en dat 'n nie-lidgade nie op 'n latere stadium so 'n bevel kan bekom nie.²⁹² Die hof verwerp hierdie argumente vir die volgende twee redes:

1. Die analogie wat getref is in die *Sempapalele*-saak met 'n onderhoudseis soos in die saak van *Schutte v Schutte*,²⁹³ is duidelik onderskeibaar van 'n eis vir 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang;²⁹⁴ en
2. die hof het nie in die saak van *Schutte v Schutte*²⁹⁵ die bewoording van artikel 7(7)(a) van die Wet in ag geneem nie,²⁹⁶ soos ook uitgewys deur van Schalkwyk.²⁹⁷

Die hof bevind dat die Hoë Hof uitsprake waarin daar bevind is dat die nie-lidgade nie 'n eis teenoor die lidgade se pensioenbelang het, waar geen so bevel in die egskeidingsbevel vervat is nie, verkeerd beslis is.²⁹⁸

²⁸⁹ In *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd & Another v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (SCA) para 20 word die regsposisie as volg uiteengesit: "Once a part of the pension interest of the member spouse becomes 'due' or 'is assigned' to the non-member spouse in the course of the divorce proceedings, the Court may order that such part of the pension interest must be paid by the pension fund concerned to the non-member spouse 'when any pension benefits accrue in respect of the member spouse...'"

²⁹⁰ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 27; *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd & Another v Swemmer* 2004 (5) SA 373 (HHA) para 20: "Once a part of the pension interest of the member spouse becomes "due" or "is assigned" to the non-member spouse in the course of the divorce proceedings, the Court may order that such part of the pension interest must be paid by the pension fund concerned to the non-member spouse 'when any pension benefit accrue in respect of the member spouse...'"

²⁹¹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 30.

²⁹² *Ibid.*

²⁹³ *Schutte v Schutte* 1986 (1) SA 872 (HHA) 882 C-E.

²⁹⁴ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 29.

²⁹⁵ *Schutte v Schutte* 1986 (1) SA 872 (HHA) 882 C-E.

²⁹⁶ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 29.

²⁹⁷ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 851.

²⁹⁸ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 31.

Die Hoogste Hof van Appèl het ook in die verbygaan die posisie van die nie-lidgade aangespreek in 'n situasie waar die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is.²⁹⁹ In hierdie verband word, met verwysing na die *Kotze*-saak, die volgende opmerking gemaak:

“To the extent that the Full Court in *Kotze* concluded that it was competent to grant an order in terms of s 7(7)(a) of the Act after the parties’ joint estate had already been divided in accordance with the order granting the divorce, it erred.”³⁰⁰

Die appèl word gehandhaaf en die hof bevind dat beide partye geregtig is op 50% van die ander se pensioenbelang soos op datum van egskeiding.³⁰¹

4.4.2 Die minderheidsuitspraak

Die minderheidsuitspraak per Regter Makgoka soos gesteun deur Regter Serit stem in beginsel saam met die meerderheidsuitspraak ten aansien van die uiteensetting van die relevante regsbeginsels, hoewel die minderheidsuitspraak verskil van die meerderheidsuitspraak ten aansien van die toepassing van die relevante regsbeginsels tot die feite *in casu*.³⁰² Meer spesifiek verskil die minderheidsuitspraak van die meerderheidsuitspraak ten aansien van die interpretasie van die skikkingskate.³⁰³ Volgens die minderheidsuitspraak is dit duidelik vanuit die bewoording van die skikkingskate dat die partye die bedoeling gehad het om die pensioenbelang spesifiek uit te sluit van die verdeling van die gemeenskaplike boedel.³⁰⁴ In die lig van voormelde is dit volgens die minderheidsuitspraak onnodig vir die hof om die beginsels van artikel 7(7) van die Wet te oorweeg.³⁰⁵ Die redes aangevoer deur die minderheidsuitspraak is nie werklik relevant vir doeleindes van hierdie skripsie nie, maar vir volledigheidshalwe sal daar nou kortliks verwys word na die minderheidsuitspraak sowel as die kritiek daarop gelewer deur die meerderheidsuitspraak.

²⁹⁹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 20-22.

³⁰⁰ Para 22.

³⁰¹ Para 37.

³⁰² Para 38.

³⁰³ Para 39.

³⁰⁴ Para 39.

³⁰⁵ *Ibid.*

Die minderheidsuitspraak verwys na die bewoording van die skikkingsakte en meer spesifiek na die opskrif “IMMOVABLES AND MOVABLES”.³⁰⁶ Vanuit laasgenoemde opskrif is die minderheidsuitspraak van mening die partye het bedoel dat slegs hul onroerende- en roerende bates verdeel moet word.³⁰⁷ Volgens die minderheidsuitspraak kan ‘n pensioenbelang nie tuisgebring word onder die konsep van onroerende- of roerende bates nie.³⁰⁸ Die minderheidsuitspraak kom dus tot die gevolgtrekking dat die partye spesifiek hul onderskeie pensioenbelange uitgesluit het van die verdeling van die gemeenskaplike boedel.³⁰⁹

Die meerderheidsuitspraak kritiseer hierdie bevinding op die volgende gronde, synde:

1. In die saak van *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer*³¹⁰ het die hof ‘n pensioenbelang gekwalifiseer as ‘n veronderstelde bate;³¹¹
2. Dit is algemene kontraktereg dat waar daar teenstrydigheid is tussen ‘n opskrif en die inhoud van die kontrak, daar uiting gegee sal word aan laasgenoemde;³¹²
3. Die aard van ‘n pensioenbelang is ‘n onliggaamlike roerende bate.³¹³

Die gedeelte van die minderheidsuitspraak wat wel meer relevant is vir doeleindes van hierdie skripsie, is die bespreking van die afwesigheid van ‘n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet. Die bevel wat die meerderheidsuitspraak uiteindelik gemaak

³⁰⁶ *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 43.*

³⁰⁷ Para 50.

³⁰⁸ Para 51.

³⁰⁹ Para 32.

³¹⁰ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd & Another v Swemmer 2004 (5) SA 373 (HHA).*

³¹¹ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 33* beskryf die hof die aard van die bate as volg: “This notional asset ‘is added to all the other assets of the party concerned in order to determine the extent of the other party’s claim to a party of the first-mentioned party’s assets.”

³¹² *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 33.*

³¹³ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 35* verduidelik die hof die aard van die pensioenbelang as bate: “By its very nature, movable property comprises both corporeal and incorporeal things. According to the learned authors of *Wille’s Principles of South African Law* typical examples of incorporeal movables, inter alia, include real things such as a pledge, notarial bond, mortgage bond, or any rights in personam that are connected with the transfer of movable property from one person to another or which can be satisfied by a money payment. It therefore goes without saying that the parties’ entitlement to each other’s pension interest, which can be satisfied by a money payment, falls squarely within the rubric of movables.”

het is in die vorm van 'n verklarende bevel ingevolge artikel 7(7) van die Wet, wat verklaar dat beide die applikant en respondent op 50% van die ander se pensioenbelang, soos op datum van egskeiding, geregtig is.³¹⁴ Daar is geen bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet gemaak nie.³¹⁵ Die rede wat deur die hof aangevoer is daarvoor is te vinde in die bewoording van artikel 7(8) van die Wet, wat spesifiek bepaal dat die hof wat die egskeiding toestaan, 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet mag maak.³¹⁶ Derhalwe was die Hoogste Hof van Appèl van mening dat dit nie oor die nodige jurisdiksie beskik om 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet te maak nie.³¹⁷

Volgens die minderheidsuitspraak is die verklarende bevel wat die hof gemaak het, hopeloos ontoereikend.³¹⁸ Volgens die minderheidsuitspraak behoort die partye weer die Streekhof (wat die egskeiding toegestaan het) te nader vir 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet alvorens die bevel afdwingbaar is teenoor die *Government Employees Pension Fund*.³¹⁹ Ten slotte beklemtoon die minderheidsuitspraak die opmerking gemaak in *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer*³²⁰ wat die belangrikheid van die formulering van skikkingsaktes beklemtoon, ten einde te verseker dat daar voldoen word aan die bepalings van die Wet.³²¹ Volgens die minderheidsuitspraak kon hierdie dispuut vermy geword het, indien die nodige sorg aan die dag gelê was met die opstel van die skikkingskate.³²²

³¹⁴ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 37 maak die hof die volgende bevel: "2. It is declared that the applicant is entitled to an amount of 50 per cent of the respondent's nett pension interest in the Government Employees Pension Fund Scheme calculated as at 25 May 2012. 3. It is declared that the respondent is entitled to an amount of 50 per cent of the applicant's nett pension interest in the Government Employees Pension Fund Scheme calculated as at 25 May 2012."

³¹⁵ *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 66.

³¹⁶ Art 7(8)(a) van die Wet.

³¹⁷ *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 30.

³¹⁸ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 70 maak die minderheidsuitspraak die volgende opmerking: "A declaratory order such as the one made by my colleague, is not sufficient."

³¹⁹ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 70 lug die hof die problematiek van die bestaande bevel uit: "The upshot of this is that, unless and until one to the parties approaches the regional court for an order in terms of s 7(8)(a) of the Divorce Act, the appellant's victory in this court would remain hollow and *brutum fulmen*, as far as the GEPF is concerned."

³²⁰ *Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd & Another v Swemmer* 2004 (5) 373 (HHA) para 26.

³²¹ *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 71.

³²² *Ibid.*

4.5 Gevolgtrekking

Die onsekerheid ten aansien van die nie-lidgade se aanspraak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang waar geen so bevel tydens egskeiding bekom is nie, is nou grotendeels aangespreek en uitgeklaar in die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl in die saak van *GN v JN*. Die nie-lidgade se eis is statutêr van aard en die waarde van die lidgade se pensioenbelang word outomaties ingereken as 'n bate van die gemeenskaplike boedel, selfs in gevalle waar geen so bevel tydens egskeiding bekom is nie. Hoewel die *GN*-beslissing verwelkom word, het die hof nagelaat om sekere belangrike vrae en teenstrydighede aan te spreek. In die volgende hoofstuk sal die uitdagings waarmee nie-lidgades sowel as regspraktisyns steeds gekonfronteer kan word, aangespreek word.

HOOFSTUK 5: IMPAK VAN DIE UITSPRAAK IN GN V JN 2017 (1) SA 342 (HHA)

5.1 Inleiding

In 2002 met die bevinding in die *Maharaj*-saak, het die kontroversie ten aansien van die interpretasie van artikel 7(7)(a) van die Wet ontstaan.³²³ Sedertdien was daar verskeie teenstrydige uitsprake gegee deur die Hoë Howe wat gelei het tot 'n behoefte aan ingryping deur of die Hoogste Hof van Appèl of die Wetgewer, ten einde regsekerheid in die verband te bewerkstellig. In 2017 is daar uiteindelik grotendeels regsekerheid bewerkstellig deur die Hoogste Hof van Appèl in die saak van *GN v JN*.³²⁴

Die Hoogste Hof van Appèl was hoofsaaklik bemoeid met die behoorlike interpretasie van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet.³²⁵ Die belang van die *GN*-saak is geleë in die uitklaring van die nie-lidgade se aanspraak ingevolge artikel 7(7) van die Wet.³²⁶ Die Hoogste Hof van Appèl het egter sommige vrae onbeantwoord gelaat of slegs in die verbygaan aangespreek en selfs die mate van regsekerheid wat die uitspraak gevolg het, word gekritiseer deur skrywers.³²⁷ Die mate waartoe hierdie uitspraak regsekerheid bevorder het, sal derhalwe krities bespreek word in hierdie hoofstuk, gevolg deur 'n bespreking van die onbeantwoorde vrae wat steeds opheldering benodig.

5.2 Regsaspekte uitgeklaar

5.2.1 Aard en omvang van pensioenbelang by egskeiding

Die belangrike aspek wat uitgeklaar is deur die Hoogste Hof van Appèl is die feit dat die lidgade se pensioenbelang outomaties deel vorm van die gemeenskaplike boedel en dat 'n blanko verdelingsbevel ten tye van egskeiding derhalwe die lidgade

³²³ *Maharaj v Maharaj* 2002 (2) SA 648 (D).

³²⁴ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA).

³²⁵ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 1.

³²⁶ Para 26.

³²⁷ MC Marumage "The law regarding pension interest in South-Africa has been settled! Or has it? With reference to *Ndaba v Ndaba* (600/2015)[2016] ZASCA 162" 2017 (20) *PELJ* 1.

se pensioenbelang insluit – selfs waar die pensioenbelang die lidgade na datum van egskeding toeval.³²⁸ Soos bespreek in paragraaf 4.4.1 hierbo, het die hof verder bevestig dat die lidgade se pensioenbelang as ‘n bate van die gemeenskaplike boedel beskou moet word ten einde die vermoënsregtelike voordele waarop die partye geregtig is op datum van egskeding, te bepaal (eie beklemtoning).³²⁹

Die kritiek is egter dat die Appèlhof verder moes gaan as net hierdie bevinding, aangesien daar nie sekerheid is oor die omvang van die nie-lidgade se aanspraak nie.³³⁰ Met ander woorde die bedrag of gedeelte van die nie-lidgade se aanspraak is volgens kritiek nie uitgeklaar deur die Appèlhof nie. In paragraaf 20 verwys die Appèlhof met goedkeuring na Van Niekerk se siening:

“Where parties are married in community of property, the value of the pension interest is added to the value of the other assets that fall in the joint estate for purposes of the division of the estate.”³³¹

Op die eerste oog opslag blyk dit dat die hof Van Niekerk se siening steun. Van Niekerk gaan egter verder met hierdie argument as bloot die gedeelte waarna die hof verwys en voer aan dat, selfs waar partye binne gemeenskap van goed getroud is, beteken dit nie noodwendig dat die nie-lidgade ‘n aanspraak sal hê op die lidgade se pensioenbelang nie.³³² Hy meen die pensioenbelang is slegs relevant vir doeleindes van verdeling van die gemeenskaplike boedel.³³³ Dit blyk ongelukkig nie duidelik uit die uitspraak van die hof dat hierdie argument gesteun word nie, maar soos wat later bespreek sal word, kan dit myns insiens afgelei word dat die hof wel dieselfde gevolgtrekking bereik.

Marumoagae spreek baie sterk kritiek uit teen Van Niekerk se siening en gaan so ver as om aan te voer dat dit misleidend is.³³⁴ Marumoagae is van mening dat indien partye binne gemeenskap van goed getroud is of buite gemeenskap van goed met toepassing van die aanwasbedeling, is die nie-lidgade noodwendig geregtig op ‘n

³²⁸ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 31.

³²⁹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 26.

³³⁰ Marumuage 2017 (20) PELJ 6.

³³¹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 20; Van Niekerk (1999) para 7.2.4.1.

³³² Van Niekerk (1999) para 7.2.4.1.

³³³ *Ibid.*

³³⁴ MC Marumoagae “Entitlement to pension interest on divorce – a reply” Julie 2016 *De Rebus* 30.

gedeelte van die lidgade se pensioenbelang uit hoofde van artikel 7(7)(a) van die Wet.³³⁵ Marumoagae voer aan dat die Appèlhof Van Niekerk se argument eintlik verwerp het in die volgende terme:

"The language of section 7(7)(a) is clear and unequivocal. It vests in the joint estate the pension interest of the member spouse for the purposes of determining the patrimonial benefits, to which the parties are entitled as at date of their divorce."³³⁶

Die afleiding wat Marumoagae maak uit die aanhaling hierbo is moeilik om mee te vereenselwig. Dit is tog duidelik dat die hof Van Niekerk se siening steun en myns insiens word daardie siening selfs verder gesteun deur die aanhaling hierbo. Van Niekerk sê nie die nie-lidgade is nie geregigtig op die pensioenbelang van die lidgade nie. Hy sê die waarde van die pensioenbelang word in ag geneem vir doeleindes van verdeling van die gemeenskaplike boedel.³³⁷ Met ander woorde, gestel die waarde van die pensioenbelang van die lidgade is R100 en die ander bates in die gemeenskaplike boedel is R400. Die gesamentlik bates is dus R500. Gestel die laste van die gemeenskaplike boedel is R200. Die netto batewaarde wat dus verdeel moet word tussen die lidgade en die nie-lidgade is dus R300. Dit beteken die nie-lidgade is geregtig op R150, mits daar geen verbeurdverklaringsbevel ingevolge artikel 9 van die Wet gemaak is nie. Dit is nie te sê dat R50 vanuit die R150 waarop die nie-lidgade geregtig is, betaal sal word vanuit die lidgade se pensioenbelang nie. Dit staan die partye vry om op enige wyse van verdeling ooreen te kom. Die beginsel bly dat die waarde van die pensioenbelang in berekening gebring word vir doeleindes van verdeling van die gemeenskaplike boedel.³³⁸

Net so ook in 'n geval waar die partye buite gemeenskap van goed met toepassing van die aanwasbedeling getroud is. Die waarde van die lidgade se pensioenbelang sal bygevoeg word by sy of haar eindwaarde (as 'n bate) ten einde die aanwas en die vordering in terme van die aanwasbedeling te bepaal. Dit is weereens nie te sê dat die nie-lidgade in so 'n geval noodwendig 'n eis het teenoor die lidgade se pensioenbelang nie, aangesien daar 'n moontlikheid is dat die nie-lidgade se aanwas

³³⁵ Marumoagae (2016) *De Rebus* 30; Marumuage 2017 (20) *PELJ* 8.

³³⁶ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 26.

³³⁷ Van Niekerk (1999) para 7.2.4.1.

³³⁸ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 26.

meer is as die lidgade se aanwas, in welke geval die nie-lidgade geen aanspraak sal hê op die nie-lidgade se pensioenbelang nie.

Hoewel skrywer nie saamstem met die basis waarop Marumoagae die beslissing in die verband kritiseer nie, is die kritiek nie heeltemal sonder meriete nie, vir die volgende redes:

1. Dit blyk vanuit die aanhalings hierbo dat die hof Van Niekerk se siening steun dat die waarde van die lidgade se pensioenbelang in ag geneem moet wanneer die boedel verdeel word;
2. die bevel³³⁹ wat die hof uiteindelik maak, strook egter nie met Van Niekerk se siening nie en maak dus die spreekwoordelike deur oop vir die argument soos aangevoer deur Marumoagae dat die nie-lidgade noodwendig geregtig is op die helfte van die lidgade se pensioenbelang soos op datum van egskeiding indien die partye binne gemeenskap van goed getroud is.

Daar moet egter nie uit die oog uit verloor word dat die hof in alle waarskynlikheid so 'n bevel gemaak het ten einde 'n praktiese einde te bring tot 'n 4 (vier) jaar lange hofgeding nie. Die omvang van die verdeling van die boedel op die stadium wat die uitspraak gegee is, is nie bekend nie. In alle waarskynlikheid het die hof hierdie bevel gemaak omrede die partye se pensioenbelang die enigste twee bates van waarde was wat nog nie verdeel is nie.

Vanuit die *ratio decidendi* wat die hof gevolg het, is dit egter duidelik dat die hof saamstem met die beginsel dat die waarde van die pensioenbelang in ag geneem moet word vir doeleindes van verdeling van die boedel, synde die enigste afleiding wat strook met die basiese beginsels van die verdeling van 'n gemeenskaplike boedel by egskeiding.³⁴⁰

³³⁹ In *GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA)* para 37 maak die hof die volgende bevel: "It is declared that the applicant is entitled to an amount equal to 50 per cen of the respondent's nett pension interest in the Government Employees Pension Fund Scheme calculated as at 25 May 2012. (3) It is declared that the repondent is entitled to an amount equal to 50 per cen of the applicant's nett pension interest in the Government Employees Pension Fund Scheme calculated as at 25 May 2012".

³⁴⁰ Heaton (2014) 62.

5.2.2 Bewysregtelike aspekte

In die saak van *Sempapalele v Sempapalele*³⁴¹ het die hof bevind dat 'n nie-lidgade wat aanspraak wil maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang aansoek moet doen vir so 'n bevel en so 'n bevel moet bekom tydens egskeiding (eie beklemtoning).³⁴² Die hof het dus bevind dat die nie-lidgade 'n spesifieke smeekbede vir die verdeling van die lidgade se pensioenfonds in sy of haar egskeidingsdagvaarding of teeneis moet invoeg, ten einde sodanige regshulp te kan bekom na egskeiding. In *ML v JL*³⁴³ was die hof gekonfronteer met 'n soortgelyke stel feite as die in die *Sempapalele*-saak en het die hof bevind dat 'n nie-lidgade spesifieke feite moet pleit op grond waarvan die spesiale regshulp verlang word.³⁴⁴ In *Motsetse v Motsetse*³⁴⁵ het die hof egter die bevindinge in beide die *Sempapalele*-saak sowel as die *ML*- saak verwerp met die volgende bevinding:

“In paragraph 57 of that judgment [*ML v JL*] it appears that the Court concurs with the findings in the *Sempapalele* judgment. In particular, the Court found that a pension interest does not automatically fall within the ambit of a customary division of the joint estate and it can only be part of a division if a specific order is made by a Court in that regard. The Court found that it has to be pertinently pleaded and claimed. I am unfortunately not able to agree.”³⁴⁶

Marumoagae reken dat dit ideaal sou wees vir die Hoogste Hof van Appèl in die *GN*-saak om uitklaring te gee of 'n bevel in terme van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet gemaak kan word in 'n geval waar die dagvaarding nie so 'n bede vervat nie.³⁴⁷ Voorts was die hof volgens hierdie skrywer in 'n posisie om hierdie kwessie aan te spreek vanweë die feit dat dit 'n pertinente dispuut was in die hof *a quo*.³⁴⁸ Hoewel die hof in die *GN*-saak nie spesifiek hierdie vraag geanaliseer het nie, is die vraag egter oorsigtelik na verwys en na my mening tot 'n baie groot mate beantwoord. Staving vir hierdie standpunt kan gevind word in die volgende woorde van Regter Petse:

³⁴¹ *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O).

³⁴² *Sempapalele v Sempapalele* 2001 (2) SA 306 (O) para 25.

³⁴³ *ML v JL* (ongerapporteerde saak) 2981/2010 (25 April 2013) (F).

³⁴⁴ *ML v JL* (ongerapporteerde saak) 2981/2010 (F) (25 April 2013) para 43.

³⁴⁵ *Motsetse v Motsetse* 2015 (2) SA 495 (FB).

³⁴⁶ *Motsetse v Motsetse* 2015 (2) SA 495 (FB) para 18.

³⁴⁷ Marumuage 2017 (20) PELJ 11.

³⁴⁸ *N v N* (ongerapporteerde saak) Saaknommer: 39356/2013 (11 Februarie 2015) (GSJ) para 13; Marumuage 2017 (20) PELJ 11.

“The cases that espouse the proposition that for the pension interest of a member spouse to form part of the joint estate upon divorce, it is necessary that it be claimed by the non-member spouse in his or her summons or counter-claim, have been criticised. For the reasons articulated above, those criticisms, in my view, are justified.”³⁴⁹

Myns insiens verwys die hof na die bevindinge gemaak in paragraaf 26 van die uitspraak wat as volg lees:

“The language of section 7(7)(a) is clear and unequivocal. It vests in the joint estate the pension interest of the member spouse for the purposes of determining the patrimonial benefits, to which the parties are entitled as at date of their divorce. Most significantly, the legislature’s choice of the word ‘shall’ coupled with the word ‘deemed’ in s 7(7)(a) is indicative of the peremptory nature of this provision.”³⁵⁰

Dus vanweë die feit dat die pensioenbelang van die lidgade geag word ‘n bate te wees van die gemeenskaplike boedel, is dit onnodig om ‘n spesifieke smeekbede vir die verdeling van die pensioenbelang in die dagvaarding of teeneis te vervat, aangesien die pensioenbelang outomaties deel vorm van die gemeenskaplike boedel.³⁵¹ Dus, hoewel daar nie ‘n spesifieke bevinding in die verband deur die Hoogste Hof van Appèl gemaak is nie, is dit duidelik dat die hof die argument dat ‘n aanspraak op ‘n pensioenbelang spesifiek gepleit moet word, verwerp het.

5.3 Onbevredigende aspekte

5.3.1 Toewysing van pensioenbelang na verdeling van die boedel(s) van geskeide gades

Soos bespreek in hoofstuk 4³⁵² moet daar ‘n onderskeid getref word tussen die regsposisie wanneer die gemeenskaplike boedel nog nie verdeel is nie en gevalle

³⁴⁹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 28.

³⁵⁰ Para 26.

³⁵¹ N Jeram “Is it still necessary to obtain a court order against a fund? A rebuttal” Junie 2017 *De Rebus* 28.

³⁵² Para 4.4.1.

waar die gemeenskaplike boedel wel reeds verdeel is. In die *GN*-saak was die gemeenskaplike boedel van die partye nog nie verdeel nie.³⁵³

In twee vorige sake is die posisie aangespreek waar die gemeenskaplike boedel van die partye reeds verdeel was op die stadium wat die nie-lidgade die hof genader het, synde in *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund*³⁵⁴ en *Kotze v Kotze*.³⁵⁵ In die *Fritz*-saak is bevind dat dit verkeerd sal wees om die pensioenbelang van die lidgade as 'n bate van die gemeenskaplike boedel te ag nadat die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is.³⁵⁶ Van Schalkwyk kritiseer die gevolgtrekking van die hof.³⁵⁷ In die *Fritz*-saak het Regter Goosen die bevinding in die *Sempapalele*-saak verwerp aangesien dit tot gevolg het die nie-lidgade se eis verbeur word, indien so 'n bevel nie op egskeiding bekom word nie.³⁵⁸ Van Schalkwyk argumenteer dat Regter Goosen eintlik tot presies dieselfde gevolgtrekking kom as Regter Musi in die *Sempapalele*-saak, net ten aansien van 'n geval waar die boedel reeds verdeel is, aangesien die effek van die uitspraak in die *Fritz*-saak ook neerkom daarop dat die nie-lidgade se eis verbeur word indien die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is.³⁵⁹

In die *Kotze*-saak (wat 'n volbank appèl was) het die hof egter bevind dat alhoewel die gemeenskaplike boedel van die partye reeds verdeel was, die hof steeds gemagtig was om 'n bevel ingevolge artikel 7(7) van die Wet te verleen.³⁶⁰

Die Hoogste Hof van Appèl het oorsigtelik verwys na die posisie wanneer die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is en slegs by wyse van *obiter dicta* opgemerk dat die *Kotze*-saak verkeerd beslis is.³⁶¹ Die hof het egter geen redes aangevoer vir die bevinding nie. Marumoagae voer aan dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen die volgende twee gevalle:

³⁵³ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 3.

³⁵⁴ *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund & Others* 2013 (4) SA 492 (ECP).

³⁵⁵ *Kotze v Kotze & Another* (2013) JOL 30037 (WCC).

³⁵⁶ *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund & Others* 2013 (4) SA 492 (ECP) para 27.

³⁵⁷ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 855.

³⁵⁸ *Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund & Others* 2013 (4) SA 492 (ECP) para 24.

³⁵⁹ Van Schalkwyk 2013 (3) *De Jure* 855.

³⁶⁰ *Kotze v Kotze & Another* (2013) JOL 30037 (WCC) para 32.

³⁶¹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 22.

1. Waar die gemeenskaplike boedel verdeel is, dus waar die partye alreeds al die bates en laste onderling verdeel het, en die partye nagelaat het om die pensioenbelang van die lidgade te verdeel of voorsiening te maak vir die verdeling daarvan.³⁶²
2. Waar die lidgade se pensioenbelang uitbetaal het na datum van egskeiding.³⁶³

Dit maak sin dat die hof verwys het na die eersgenoemde geval eerder as laasgenoemde geval. Eersgenoemde situasie hierbo strook met die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl dat die waarde van die pensioenbelang in ag geneem moet word vir doeleindes van die verdeling van die gemeenskaplike boedel op datum van egskeiding.³⁶⁴ Indien die gemeenskaplike boedel alreeds verdeel is, is dit bykans onmoontlik om retrospektief die berekening te gaan doen van die gemeenskaplike boedel soos op datum van egskeiding. Die rede daarvoor is dat die waarde van die lidgade se pensioenbelang (soos op datum van egskeiding) in ag geneem moet word vir doeleindes van verdeling van die gemeenskaplike boedel. Die boedel is reeds verdeel en derhalwe is daar nie meer 'n gemeenskaplike boedel om te verdeel nie.

Maurmoagae reken dat indien dit die hof se bedoeling was om te bevind dat die Kotze-saak verkeerd beslis is as gevolg van die feit dat die lidgade se pensioenbelang reeds uitbetaal het, is die Hoogste Hof van Appèl verkeerd vir die volgende redes:

1. 'n Eis ingevolge artikel 7(7) van die Wet is nie noodwendig teen die Pensioenfonds nie, maar teen die lidgade. Die pensioenbelang word slegs gehou deur die Pensioenfonds.³⁶⁵
2. Dit volg volgens hom dus dat die nie-lidgade se aanspraak nie uitgeskakel word deur die feit dat die pensioenbelang uitbetaal het nie.³⁶⁶

³⁶² Marumuage 2017 (20) PELJ 18.

³⁶³ *Ibid.*

³⁶⁴ GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 22.

³⁶⁵ Marumuage 2017 (20) PELJ 18-19.

³⁶⁶ *Ibid.*

3. Die lidgade behou sy of haar reg om 'n eis in te stel teen die lidgade vir die gedeelte wat die nie-lidgade op geregtig sou kon gewees het op datum van egskeiding.³⁶⁷

Daar is tans steeds nie eenstemmigheid oor die nie-lidgade se aanspraak op die lidgade se pensioenbelang nadat die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is nie. Uit 'n praktiese oogpunt is daar begrip vir die feit dat die nie-lidgade nie na die verdeling van die gemeenskaplike boedel kan aanspraak maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang nie. Hoewel, op 'n eng interpretasie van die artikel 7(7) van die Wet word die pensioenbelang van die lidgade onbegrensd as 'n bate vir doeleindes van die verdeling van gemeenskaplike boedel geag. Dus sal daar seker geargumenteer kan word dat tot en met die pensioenbelang (wat as 'n bate geag word) van die lidgade nie verdeel is nie, kan die gemeenskaplike boedel nie (finaal) verdeel wees nie. So 'n interpretasie sal egter steeds sekere implikasies inhou, soos byvoorbeeld belastingimplikasies wat terugwerkend van aard sal moet geskied. In 'n geval waar die nie-lidgade jare na verdeling van die gemeenskaplike boedel aanspraak maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang soos op datum van egskeiding, sal daar bepaal moet word hoe daardie bedrag aangeslaan word vir belastingdoeleindes. Dit kan nie regverdig wees om die nie-lidgade te belas op huidige belastingskale, maar die waarde van die belang wat aan hom of haar uitbetaal is 'n historiese bedrag nie. Die nie-lidgade sal in so geval beslis kan argumenteer dat die belastingskaal soos op datum van egskeiding van toepassing moet wees en nie die belastingskaal van die jaar waarin die belang uiteindelik uitbetaal nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat heelwat paartjies wat skei nie noodwendig regsverteenvoordinging kan bekostig nie en aangewese is op die Streekhof vir die afhandeling van hul egskeiding. Gestel 'n nie-lidgade is binne gemeenskap van goed getroud met 'n lidgade en die egskeidingsbevel bepaal slegs dat die gemeenskaplike boedel gelykop verdeel moet word. Geen bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet word gemaak tydens egskeiding nie en die boedel word verdeel. Die nie-lidgade wag tot die lidgade aftree om aanspraak te maak op 'n gedeelte van die lidgade se

³⁶⁷ *Ibid.*

pensioenbelang soos op datum van egskeiding. In die afwesigheid van 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet sal die nie-lidgade se regresreg teen die lidgade moet wees. In die lig van die *GN*-saak sal die nie-lidgade in so geval geen eis teenoor die lidgade hê nie, vanweë die feit dat die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is.

Myns insiens kon dit nie die bedoeling van die Wetgewer gewees het om die nie-lidgade in so 'n onbenydenswaardige posisie te laat nie en is artikel 7(7) van die Wet juis ingevoeg vir die nie-lidgade om te kan deel in die voordeel van die lidgade se pensioenbelang soos op datum van egskeiding. Die nie-lidgade in so geval moet tog steeds op grond van die fiksie geskep in artikel 7(7) van die Wet, 'n eis kan instel teen die lidgade selfs na die verdeling van die gemeenskaplike boedel.

Verder behoort daar egter sekere gemeenregtelike remedies tot die beskikking van die nie-lidgade in so geval te wees. Hierna sal 'n stel hipotetiese feitestelle volg tesame met die gemeenregtelike remedies wat in elke geval tot die beskikking van die nie-lidgade hoort te wees, selfs na die verdeling van die gemeenskaplike boedel.

1. Gestel die lidgade het opsetlik die bestaan van sy/haar pensioenbelang van die nie-lidgade weerhou wat gelei het daartoe dat die lidgade se pensioenbelang nie in die egskeidingsbevel aangespreek is nie. Indien die lidgade se pensioenbelang uitbetaal na datum van egskeiding en na verdeling van die gemeenskaplike boedel, behoort die nie-lidgade op grond van 'n bedrieglike wanvoorstelling³⁶⁸ te kan eis vir die verkryging van 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang op grond van skadevergoeding.
2. Gestel beide partye het onder regsdwaling³⁶⁹ verkeer en nie geweet die lidgade se pensioenbelang is 'n bate van die gemeenskaplike boedel nie, wat gelei het daartoe dat die pensioenbelang van die lidgade nie in die egskeidingsbevel aangespreek is nie. Indien die lidgade se pensioenbelang uitbetaal na datum van egskeiding en na verdeling van die gemeenskaplike boedel, behoort die nie-lidgade op grond van dwaling 'n eis te kan instel vir die verkryging van 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang.

³⁶⁸ Christie & Bradfield (2011) 281.

³⁶⁹ Christie & Bradfield (2011) 340.

Dit is duidelik vanuit voormelde dat die nie-lidgade se posisie in die verband nog lank nie uitgeklaar is nie. Hierdie aspek waar die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is en die nie-lidgade wil daarna aanspraak maak op die 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang behoort uitgebrei te word, hetsy deur die Hoogste Hof van Appèl of deur die Wetgewer. Die effek van die *obiter dicta* uitspraak in die GN-saak is dat die nie-lidgade se reg om aanspraak te maak op 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang verbeur word, indien daardie reg nie afdwinging word voor verdeling van die gemeenskaplike boedel nie.³⁷⁰ Dit kon skrywers insiens nooit die Wetgewer se bedoeling gewees om die nie-lidgade in so 'n posisie te laat nie.

5.3.2 Eis ingevolge artikel 7(8) van die Wet

In die GN-saak het die hof nie 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet gemaak nie, as gevolg van die feit dat slegs die hof wat die egskeiding aangehoor het so 'n bevel kan verleen.³⁷¹ Die effek daarvan is dat hoewel die appellant oënskynlik suksesvol was op appèl is die bevel nie afdwingbaar teenoor die respondent se Pensioenfonds nie, maar slegs *inter partes* afdwingbaar.³⁷² Dit beteken dat indien die partye 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet wil bekom (ten einde die bevel afdwingbaar te maak teenoor die Pensioenfondse) hulle die Streekhof wat die egskeiding aangehoor het, sal moet nader vir 'n so 'n bevel.³⁷³

Marumoagae het egter 'n ander interpretasie van die bevinding. Hy verwys na die volgende woorde in paragraaf 25 van die GN-saak:

“For the same reasons it was not necessary for the parties in this case, to mention in their settlement agreement what was obvious, namely that their respective pension interests were part of the joint assets which they had agreed, would be shared equally between them.”³⁷⁴

³⁷⁰ GN v JN 2017 (1) SA 342 (HHA) para 22.

³⁷¹ Para 30.

³⁷² Para 69.

³⁷³ Para 70.

³⁷⁴ Para 25.

Die afleiding wat Marumoagae maak uit die aanhaling hierbo is dat ten spyte van die feit dat die egskeidingsbevel nie die pensioenbelang van die lidgade aanspreek nie, is die nie-lidgade steeds geregtig op 50% betaling deur die lidgade se Pensioenfonds.³⁷⁵ Myns insiens is hierdie interpretasie nie versoenbaar met die bewoording van artikel 7(8) van die Wet nie. Verder, het die hof bevind dat artikel 7(8) van die Wet slegs 'n meganisme skep om die lidgade se Pensioenfonds statutêr te verbind tot betaling aan die nie-lidgade sodat die nie-lidgade nie in die oë van die lidgade hoef te kyk vir betaling nie.³⁷⁶

Daar is verskeie redes vanuit die oogpunt van die Pensioenfondse waarom dit belangrik is dat die Pensioenfonds geïdentifiseer word in die egskeidingsbevel en beveel word om betaling te maak, insluitende:

1. Die Pensioenfonds hoef nie gevoeg te word as 'n party tot die egskeiding nie. Dus is dit noodsaaklik dat die egskeidingsbevel die relevante Pensioenfonds beveel om betaling te maak aan die nie-lidgade, in afwesigheid waarvan die Pensioenfonds *ultra vires* sal optree.³⁷⁷
2. Die partye mag moontlik ooreenkom dat slegs 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang aan die nie-lidgade toeval, soos byvoorbeeld 33%. In die afwesigheid van 'n bevel teenoor die Pensioenfonds wat behoorlik uiteensit welke persentasie of bedrag betaalbaar is aan die nie-lidgade, is die Pensioenfonds nie 'n posisie om die bedrag te betaal nie.³⁷⁸
3. Die lidgade mag moontlik aan verskeie tipes fondse behoort, soos 'n pensioenfonds, 'n uittree-annuïteit, 'n preserveringsfonds ensomeer. Dit sal onverskillig wees van die Pensioenfonds om te raai uit welke fonds welke gedeelte betaal moet word aan die nie-lidgade.³⁷⁹

³⁷⁵ Marumoagae "Enforceable orders against retirement funds after divorce: A rejoinder" 2017 *De Rebus* 38 maak die volgende stelling: "I submit that if the court order is silent on the issue of the pension interest, then the retirement fund should pay at least 50% of such benefit without first requiring the non-member spouse to apply to a court for the variation of the divorce order in order to insert its name thereto. Thus, once the retirement fund has confirmed that it is the relevant retirement fund to which the member spouse belongs, it should pay the pension interest."

³⁷⁶ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 27.

³⁷⁷ Jeram 2017 *De Rebus* 28.

³⁷⁸ Jeram 2017 *De Rebus* 32.

³⁷⁹ *Ibid.*

4. Die bewoording van artikel 37D(4)(a) van die Wet op Pensioenfondse³⁸⁰ saamgelees met artikel 7(8)(a) van die Wet maak dit duidelik dat die relevant Pensioenfonds behoorlik identifiseerbaar moet wees in die egskeidingsbevel.³⁸¹

Dit volg dus dat 'n bevel wat bloot lees dat die gemeenskaplike boedel van die partye gelykop verdeel moet word, nie sal voldoen aan die bepaling van artikel 37D(4)(a) van die Wet op Pensioenfondse³⁸² saamgelees met artikel 7(8)(a) van die Wet nie en sal dus nie afdwingbaar wees teenoor die lidgade se Pensioenfonds nie.³⁸³ Die nie-lidgade het egter 'n persoonlike eis teenoor die lidgade in so geval.³⁸⁴ Die feit dat daar nie 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet toegestaan is nie, lei noodwendig daartoe dat die nie-lidgade soms verplig sal word om die hof wat die egskeiding toegestaan het te nader vir 'n wysiging van die egskeidingsbevel.³⁸⁵ Die nie-lidgade kan egter slegs die egskeidingsbevel wysig indien die partye 'n skikkingsooreenkoms onderteken het, wat ingelyf is by die egskeidingsbevel. Dus moet die lidgade sy/haar samewerking gee vir die wysiging van die egskeidingsbevel.

Die Pensioenfondse ontken nie die nie-lidgade se regte nie, maar weier om 'n betaling te maak as gevolg van die feit dat daar nie voldoen is aan die statutêre bepaling in die verband nie.³⁸⁶ Dit moet in gedagte gehou word dat artikel 7(8) van die Wet 'n finansiële las plaas op die nie-lidgade vir die wysiging van die egskeidingsbevel, in 'n geval waar daar nie so 'n bevel gemaak is tydens egskeiding nie. In sommige gevalle beskik die nie-lidgades eenvoudig nie oor die fondse om die hof te nader vir 'n wysiging van die egskeidingsbevel nie. Die gevolg is dat die nie-lidgade slegs 'n eis het teenoor die lidgade vir betaling. Voormelde opsie is ontoereikend vir die volgende redes:

³⁸⁰ 24 van 1956.

³⁸¹ Jeram 2017 *De Rebus* 32.

³⁸² 24 van 1956.

³⁸³ Jeram 2017 *De Rebus* 32.

³⁸⁴ *Ibid.*

³⁸⁵ Marumuagae 2017 *De Rebus* 34.

³⁸⁶ Marumuagae 2017 *De Rebus* 36.

1. Die nie-lidgade sal nie kan bepaal op welke bedrag sy/hy geregtig is nie, aangesien daardie inligting nie tot die beskikking van die nie-lidgade is nie en slegs die lidgade se Pensioenfonds in besit is van daardie inligting.
2. Selfs in 'n geval waar die nie-lidgade wel weet wat die lidgade se pensioenbelang werd was op datum van egskeiding, sal die nie-lidgade addisionele regskostes moet aangaan om uit te win teenoor die lidgade vir voormelde bedrag.
3. Gestel die lidgade beskik nie oor die nodige bates om die nie-lidgade se eis te betaal nie, sit die nie-lidgade effektiewelik in 'n baie onbenydenswaardige posisie. Die nie-lidgade sal in so geval geen ander keuse hê as om die hof te nader vir 'n bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet nie, in afwesigheid waarvan die nie-lidgade eenvoudig nie betaling sal kry van sy/haar gedeelte van die lidgade se pensioenbelang nie.

As gevolg van die praktiese uitdagings waarmee die nie-lidgade gekonfronteer word waar geen bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet gemaak is nie, is Marumoagae van mening dat artikel 7(8) van die Wet 'n onnodige las op die nie-lidgade plaas en herroep moet word.³⁸⁷ Skrywer is van mening dat die voorstel van Marumoagae te ingrypend van aard is. Artikel 7(8) van die Wet het 'n belangrike doel en daarsonder sal geen Pensioenfonds gebind kan word om betaling te maak ingevolge 'n egskeidingsbevel nie.

Oorweging moet eerder geskenk word om 'n addisionele bepaling in die Wet in te voeg vir 'n geval waar geen bevel ingevolge artikel 7(8) van die Wet tydens egskeiding gemaak is nie. Indien die lidgade nie oor voldoende fondse beskik om die nie-lidgade se eis uit hoofde van die egskeidingsbevel te bevredig nie, moet dit ieder een van die partye vrystaan om die Pensioenfonds van die lidgade te kan nader vir betaling van die nie-lidgade se gedeelte van die pensioenbelang. Hierdie bepaling moet op so 'n wyse geformuleer word dat die nie-lidgade nie 'n hof (of 'n soorgelyke hoër instansie) hoef te nader vir so 'n bevel nie. Met ander woorde, indien die nie-lidgade aan die Pensioenfonds kan bewys dat hy/sy uitgewin het teen die lidgade en die nie-lidgade nie oor voldoende bates beskik om die nie-lidgade se eis te bevredig

³⁸⁷ Marumoagae 2017 *De Rebus* 36.

nie, moet die Pensioenfonds die nie-lidgade se eis betaal, hetsy gedeeltelik of in geheel.

5.4 Gevolgtrekking

Dit is duidelik vanuit die bogenoemde bespreking dat hoewel die *GN*-saak 'n baie welkome beslissing in die Suid-Afrikaanse Familiereg is, daar egter steeds heelwat regsaspekte met betrekking tot die pensioenbelang en die verdeling daarvan is wat problematies is tydens egskeiding. In hierdie hoofstuk is daar voorbeelde van die gedeeltelike ontoereikende gevolg van die *GN*-saak bespreek en voorstelle vir die rektifikasie daarvan. Myns insiens is die nie-lidgade steeds in 'n onbenydenswaardige posisie, veral in gevalle waar die egskeidingsbevel slegs 'n verdeling van die gemeenskaplike boedel beveel en waar die gemeenskaplike boedel reeds verdeel is wanneer die nie-lidgade se pensioenbelang uitbetaal.

Die denkproses van die Regskommissie wat destyds aanleiding gegee het tot die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet is deurslaggewend vir die doel van hierdie statutêre bepalings, synde om die nie-lidgade in 'n posisie te plaas om te kan deel in 'n gedeelte van die lidgade se pensioenbelang op datum van egskeiding. Hierdie doel moet nie uit die oog verloor word wanneer hierdie statutêre bepalings geïnterpreteer en geïmplimenteer word nie.

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Die pensioenbelang van die lidgade is in baie gevalle die grootste bate van 'n boedel, hetsy 'n gemeenskaplike boedel of individuele boedel. Dit is vandag amper ondenkbaar dat hierdie bate buite rekening gelaat word wanneer boedels verdeel word by egskeiding en het die pensioenbelang van die lidgade 'n integrale deel geword van egskeidingsverrigtinge.

Sedert die nie-lidgade se reg om aanspraak te maak op die lidgade se pensioenbelang erken is in 1989, het daar amper 3 (drie) dekades verloop. Die impak van artikel 7(7)(a) van die Wet het oënskynlik ten doel gehad om die posisie van die nie-lidgade wesenlik te verander by egskeiding. Die oorweging wat die Regskommissie geskenk het aan die erkenning van die nie-lidgade se eis was drieledig, synde konsultasie, regsontwikkeling in ander lande en geslagsgelykheid.³⁸⁸ Die Regskommissie het die destydse posisie as onregverdig teenoor die vrou beskou en die geslagsongelykheid was die deurslaggewende beweegrede vir die erkenning van die nie-lidgade se eis op die lidgade se pensioenbelang by egskeiding.³⁸⁹ Dit is ook opmerklik dat in al die sake wat bespreek is in hoofstuk 4 van hierdie skripsie, was die nie-lidgade die vrou. Die doel van die Wetgewer om die nie-lidgade (of die vrou) se aanspraak te erken moet dus in alle omstandighede in hierdie lig gesien en geïnterpreteer word.

Die Wetgewer se waarskynlik goedbedoelde ingreep was egter nie 'n vinnige oplossing vir die probleem nie, soos wat duidelik geraak het uit die teenstrydige uitsprake wat gehandel het met verskeie dispute tussen lidgades en nie-lidgades wat skei.³⁹⁰ In 2016 met die uitspraak in *GN v JN*,³⁹¹ 27 (sewe en twintig jaar) nadat die nie-lidgade se aanspraak kwansuis erken is, is daar grootliks uitklaring gekry oor die bedoeling van die Wetgewer met artikel 7(7)(a) van die Wet.³⁹² Gedurende die afgelope 27 (sewe en twintig) jaar het die sisteem misluk om sommige vroue se

³⁸⁸ Sien 3.2 hierbo.

³⁸⁹ SARK 1984-werksdokument, para 1.6.

³⁹⁰ Sien 4.3 hierbo.

³⁹¹ *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA).

³⁹² *GN v JN* 2017 (1) SA 342 (HHA) para 26.

regte te beskerm. Hierdie stelling word gemaak in die lig van die gerapporteerde beslissings (wat in hoofstuk 4 hierbo bespreek is) waarin menige vroue wat nie-lidgades was, 'n hof moes nader om hul statutêre reg teenoor die man-lidgade se pensioenbelang af te dwing en waar die vroue onsuksesvol was. Die gerapporteerde beslissings verteenwoordig 'n druppel in die emmer van die groter meerderheid vroue wie se regte insgelyks nie erken is nie, om nie eers te praat van diegene wat nie regsverteenvoording kon bekostig nie en wie se uitdagings nooit gehoor sal word nie.

Selfs met die erkenning van die nie-lidgade se aanspraak³⁹³ en die verligting wat die Hoogste Hof van Appèl gebring het in die *GN*-saak is nie-lidgades se regte steeds in sommige omstandighede ontoereikend.³⁹⁴ Die aanvanklike doelstellings van die Wetgewer is dus hoogstens gedeeltelik bereik. Die invoeging van artikels 7(7) en 7(8) van die Wet was 'n stap in die regte rigting, maar was nie die beste oplossing vir die probleem nie. Die ontwikkeling van die pensioenbelang as 'n bate by egskeiding is ingrypend van aard. Die Wetgewer is dit verskuldig aan vroue om die bestaande uitdagings uit die weg te ruim deur 'n moontlike wysiging van die Wet, ten einde geslagsgelykheid te laat seëvier en die aanvanklike doelstellings van artikels 7(7) en 7(8) suksesvol te bereik.

³⁹³ Art 7(7)(a) van die Wet.

³⁹⁴ Sien 5.4 hierbo vir volledige bespreking.

BIBLIOGRAFIE

A. PRIMêRE BRONNE

1. WETGEWING

Children's Act 38 van 2005

Civil Union Act 17 van 2006

Government Employees Pension Law 69 van 1996

Government Employees Pension Law Amendment Act 19 van 2011

Huwelikswet 25 van 1961

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Pensioenfondswysigingswet 11 van 1997

Pensioenfondswysigingswet 19 van 2011

Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937

Swart Administrasiewet 38 van 1927

Wet op Boedelbelasting 45 van 1955

Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie 19 van 1973

Wet op Egskeiding 70 van 1979

Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998

Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984

Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962

Wet op Pensioenfondse 24 van 1956

Wet op Poskantore 44 van 1958

Wysigingswet op Finansiële Dienste 22 van 2008

Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 55 van 2002

2. REGSPRAAK

AB v JB 2016 (5) SA 211 (HHA)

Badenhorst v Badenhorst 2005 (2) SA 253 (K)

Binda v Binda 1993 (2) SA 123 (W)

Beaumont v Beaumont 1987 (1) SA 967 (HHA)

Botha v Botha 2009 (3) SA 89 (W)

Brummund v Brummund's Estate 1993 (2) SA 494 (NmHC)
Butners v Mncora 2012 (4) SA 1 (HHA)
Chiloane v Chiloane (ongerapporteerde saak) 2007 ZAGPHC 183 (7 September 2007)
Corporate Liquidators v Wiggil 2007 (2) SA 520 (T)
DE v RH 2015 (5) SA 83 (K)
De Kock v Jacobson 1999 (4) SA 346 (W)
EA v EC (ongerapporteerde saak) 25924/09 ZAGPSHC (25 Oktober 2012)
Edelstein v Edelstein 1952 (3) SA 1 (HHA)
Engelbrecht v Engelbrecht 1989 (1) SA 597 (K)
Ex Parte de Wet 1952 (4) SA (O)
Ex Parte Menzies et Uxor 1993 (3) SA 799 (K)
Ex Parte Spinazze 1983 (4) SA 751 (T)
Fritz v Fundsatwork Umbrella Pension Fund en Ander 2013 (4) SA 492 (OKP)
Gillingham v Gillingham 1904 TS 608
GN v JN 2017 (1) 342 (HHA)
Government Employees Pension Fund v Naidoo and Another 2006 (6) SA 304 (HHA)
Honey v Honey 1992 (3) SA 609 (W)
JW v SW 2011 (1) SA 545 (GNP)
JW v CW 2012 (2) SA 529 (NKK)
JC Cockcroft v the Mine Employees Pension Fund PFA/we/11234/06/LS
Kirchner v Kirchner 2009 (4) SA 448 (W)
Klerck v Klerck 1991 (1) SA 265 (W)
Kotze v Kotze 2013 JOL (WKK)
Maharaj v Maharaj en Ander 2002 (2) SA 648 (D)
Maritz v Maritz (ongerapporteerde saak) A410/85 (K)
Mashilo v Basil Read Group Provident Fund 2005 (1) BPLR 51 (PFA)
Matyila v Matyila 1987 (3) SA 230 (W)
MC v JC 2016 (2) SA 227 (GP)
ML v JL (ongerapporteerde saak) 2981/2010 (F) (25 April 2013)
Motsetse v Motsetse 2015 (2) SA 495 (FB)
N v N (ongerapporteerde saak) Saaknommer: 39356/2013 (GSJ) (11 Februarie 2015)

Nedbank Limited v Van Zyl 1990 (2) SA 469 (A)
Ngewu and Another v Post Office Retirement Fund and Others 2013 (4) BCLR 421 (KH)
Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd v Swemmer 2004 (5) SA 373 (HHA)
Peter v Minister of Law and Order 1990 (4) SA 6 (E)
Protector Preservation Pension Fund v Bellars 2009 (4) SA 455 (D)
Rousalis v Rousalis 1980 (3) SA 466 (K)
Schenk v Schenk 1993 (2) SA 346 (E)
Schutte v Schutte 1986 (1) SA 872 (HHA)
Sempapalele v Sempapalele en Ander 2001 (2) SA 306 (O)
Singh v Singh 1983 (1) SA 781 (K)
Watt v Watt and Another 1984 (2) SA 455 (W)
Wiese v Moolman 2009 (3) SA 122 (T)
Wiese v Government Employees Pension Fund 2011 (4) SA 280 (WK)
Wiese v Government Employees Pension Fund 2012 (6) BCLR 599 (KH)
Wijker v Wijker 1993 (4) SA 720 (A)
YG v Executor, Estate Late CGM 2013 (4) SA 387 (W)

B. SEKONDêRE BRONNE

1. BOEKE EN ARTIKELS

Bonthuys E "The rule that a spouse cannot forfeit at divorce what he or she has contributed to the marriage: An argument for change" 2014 (131) SALJ 439.
Christie RH & Bradfield GB *Christie's The Law of Contract in South Africa* (6de Uitgawe) Lexis Nexis: Durban (2011)
Davey J "*K v K and Another* – a critique" September 2013 *De Rebus* 26
De Jong M "New Trends Regarding the Maintenance of Spouses Upon Divorce" 1999 (62) *THRHR* 15
Ellis P "*Maritz v Maritz* KPA A410/85: Ongerapporteur. Egskeiding – vrou se belang in man se pensioen" 1986 (49) *THRHR* 236
Fick GH "Pensioenverrekening tussen gades met egskeiding" 1990 (1) *TRW* 57
Heaton J en Kruger H *South African Family Law* (4de Uitgawe) (2015) Lexis Nexis Suid-Afrika: Durban

Heaton J (red) *The Law of Divorce and Dissolution of Life Partnerships in South Africa* Juta: Kaapstad (2014)

Jeram N "Is it necessary to obtain a court order against a fund? A rebuttal" Junie 2017 *De Rebus* 28

Lane W "Pensions and divorce: dealing with pensions interests" 1993 *De Rebus* 1090

Louw AS en Van Schalkwyk LN *Inleiding tot die Familiereg: Studentehandboek* (2017) Kourse Publishers: Pretoria

Marumoagae MC "Breaking up is hard to do, or is it? The clean break principle explained" Oktober 2013 *De Rebus* 38

Marumoagae MC "A non-member spouse's entitlement to the member's pension interest" 2014 (17) *PELJ* 2497

Marumoagae MC "Entitlement to pension interest on divorce – a reply" Julie 2016 *De Rebus* 30

Marumoagae MC "Pension interest - Is there still a need to plead a claim" Februarie 2017 *De Rebus* 38

Marumoagae MC "The law regarding pension interest in South Africa has been settled! Or has it? With reference to *Ndaba v Ndaba* (600/2015) [2016] ZASCA 162" 2017 (20) *PELJ* 1

Marumoagae MC "Enforceable orders against retirement funds after divorce: A rejoinder" Junie 2017 *De Rebus* 34

Reed T "What impact does an antenuptial contract have on a pension?" Oktober 2010 *De Rebus* 31

Skelton A en Carnelley M (reds) *Family Law in South Africa* Oxford University Press Southern Africa: Kaapstad (2010)

Sonnekus JC "Pensioenverwagtings en onderhoud na egskeiding in versorgingsregtelike- in plaas van vermoënsregtelike konteks" 1989 (3) *TSAR* 202

Sonnekus JC "Pensioendeling by egskeiding steeds onbevredigend en verwarrend gereël" 2008 (2) *TSAR* 286

Van Niekerk PA *Practical Guide to Patrimonial Litigation in Divorce Actions* (Losblad) Lexis Nexis: Durban (1999)

Van Schalkwyk LN "Egskeiding – moet 'n pensioenbelang verdeel word waar die skikkingsakte niks meld nie?" 2002 (2) *De Jure* 170

Van Schalkwyk LN "Egskeiding – pensioenbelang deel van gemeenskaplike bates by huwelik binne gemeenskap van goed" 2003 (3) *De Jure* 454

Van Schalkwyk LN "Wanneer vind artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979, toepassing?" 2013 (3) *De Jure* 849

Van Schalkwyk LN "Die ekstrinsieke getuienis-reël: Universele vennootskappe en die huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en die aanwas" 2015 (12) *Litnet Akademies* 416

2. STAATSPUBLIKASIES

Suid-Afrikaanse Inkomstediens Begroting-gids 2017/2018

Suid-Afrikaanse Regskommissie "Ondersoek na die moontlikheid om voorsiening te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel" Projek 41, Werksdokument 4 (1984)

Suid-Afrikaanse Regskommissie "*Investigation into the possibility of making provision for a divorced woman to share in the pension benefits of her former husband.*" Projek 41 Verslag (1986)

Suid-Afrikaanse Regskommissie "*Sharing of Pension Benefits*" Projek 112, Besprekingsdokument 77 (1999)